

**The Project Gutenberg eBook of Digtters uit Suid-Afrika, by Jan F. E. Celliers et al.**

This ebook is for the use of anyone anywhere in the United States and most other parts of the world at no cost and with almost no restrictions whatsoever. You may copy it, give it away or re-use it under the terms of the Project Gutenberg License included with this ebook or online at [www.gutenberg.org](http://www.gutenberg.org). If you are not located in the United States, you'll have to check the laws of the country where you are located before using this eBook.

Title: Digtters uit Suid-Afrika

Author: Jan F. E. Celliers

Author: C. Louis Leipoldt

Author: Daniel François Malherbe

Author: Totius

Editor: E. C. Pienaar

Release date: March 10, 2013 [EBook #42302]

Most recently updated: January 25, 2021

Language: Afrikaans

Credits: Produced by Steffen Haugk

\*\*\* START OF THE PROJECT GUTENBERG EBOOK DIGTTERS UIT SUID-AFRIKA \*\*\*

---

# **Digtters uit Suid-Afrika.**

**BLOEMLESING**

**UIT DIE POËSIE VAN DIE**

**TWEDE AFRIKAANSE-TAALBEWEGING**

**DEUR**

**Dr. E. C. PIENAAR,**

**PROFESSOR AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.**

---

**Vierde, vermeerderde druk.**

*(Regte van herdruk voorbehou.)*

**J. H. DE BUSSY, Beperk,  
PRETORIA.**

**HOLL.-AFRIK. UITGEVERS-MIJ. v/h. J. DUSSEAU & Co.,  
KAAPSTAD  
1922.**

---

## **AAN DIE LESER.**

Hierdie bloemlesing was aanvanklik bestem hoofsaaklik vir Nederlandse lesers, en daarom van 'n inleiding in Nederlands en 'n verklarende woordelys voorsien. As sodanig is dit sedert sy eerste verskyning in 1917 tweemaal herdruk geword.

Aangesien die bundel egter van die aanvang af in Suid-Afrika veel meer aftrek gevind het dan

elders, en ons letterkundige produksie sedert die tyd sodanig toegeneem het dat die bundel in sy oorspronklike vorm geen juiste beeld meer vertoon van die teenswoordige stand van ons Afrikaanse verskuns nie, het ek dit wenselik geag om die vierde druk nie alleen te hersien en aan te vul nie, maar dit ook 'n suiwer Afrikaanse stempel te verleen. Daarom val die oorspronklike inleiding en woordverklaring hier weg, en word verder al wat Nederlands was deur Afrikaans vervang.

Sedert die tyd het daar ook van my hand 'n breedvoerige studie verskyn oor die „Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse-Taalbeweging”, waarom ek dit oorbodig beskou om hier 'n nuwe inleiding by te voeg.

Hierdie vierde druk is dus meer dan 'n blote herdruk, nie alleen omdat dit 'n uitgebreider en meer oorsigtelike keuse bevat as die vorige drie nie, maar ook omdat die oorspronklike keuse hier en daar gewysig is volgens latere insigte.

Verder word bo aan iedere bladsy die naam van die bundel vermeld, waaraan die gedigte ontleen is. Die spelling is konsekwent gemoderniseer-met 'n apologie aan die digters wat nog hulle eie spelling volg!

Ek vertrou dat die bundel in sy nuwe vorm nog beter aan sy doel sal beantwoord as voorheen.

*Die Saamsteller.*

Stellenbosch,  
Okt. 1921.

---

## INHOUD.

---

### JAN F. E. CELLIERS.

Gebore 1865 op Wellington. In 1874 met die ossewa na Pretoria, waar sy vader oprigter en eerste redakteur geword het van „De Volkstem”. Studie op Pretoria, Stellenbosch, Wellington en Delft (1887-1890). Landmeter, later staatsbibliotekaris op Pretoria (1894-99). Op kommando tot die end. Na die Engelse oorlog met gesin na Europa-letterkundige studie. In 1907 terug na Suid-Afrika. Medeoprigter van „Die Brandwag”-taalpropaganda. Werksaam aan die Dept. van Binnel. Sake, Pretoria. Sedert 1918 buitengewone Professor op Stellenbosch.

	Bls.
Die Vlakte	<a href="#">1</a>
Die Ossewa	<a href="#">4</a>
Trou	<a href="#">5</a>
Die Laaste Aand	<a href="#">6</a>
Die Brand	<a href="#">8</a>
Die Kampsuster	<a href="#">11</a>
Dis al	<a href="#">12</a>
Afrikaner-troos	<a href="#">13</a>
Klein Ondeug	<a href="#">14</a>
'n Snaakse Vryery	<a href="#">15</a>
Die Murasie	<a href="#">19</a>
Aardgeeste	<a href="#">20</a>
Dingaansdag	<a href="#">22</a>
Stille werkers	<a href="#">24</a>
Wag-hondjies	<a href="#">24</a>
President Steyn	<a href="#">25</a>
Komaan!	<a href="#">26</a>
Ma en Pietjie	<a href="#">27</a>

---

### TOTIUS (Dr. J. D. DU TOIT).

Gebore 1877 in die Pêrel. Seun van Ds. S. J. du TOIT, die vader van die „Eerste Afrikaanse-Taalbeweging”. Studie in Daljosafat (Hugenote Gedenkskool), Burgersdorp en Amsterdam. Na sy terugkeer predikant op Potchefstroom (1903) en sedert 1911 Professor aan die Teologiese Skool aldaar.

	Bls.
Die lied van die ossewa	<a href="#">28</a>
	<a href="#">30</a>

Vergewe en Vergeet	
Die Os	<a href="#">31</a>
Moselekatse	<a href="#">32</a>
Die drie Kindertjies	<a href="#">35</a>
Vegkop	<a href="#">36</a>
Repos Ailleurs	<a href="#">37</a>
'n Sprokie	<a href="#">38</a>
Dit is Nag	<a href="#">39</a>
Daar ruis 'n Lied	<a href="#">40</a>
Stof	<a href="#">41</a>
Die Sterretjie	<a href="#">43</a>
Die oue Put	<a href="#">44</a>
Oggendstond op 'n Boereplaas	<a href="#">46</a>
Perdekraal-laer	<a href="#">48</a>
Die Vierkleur is weer in gevaar	<a href="#">50</a>

---

### **Dr. C. LOUIS LEIPOLDT.**

Gebore 1880 op Worcester. Sy vader predikant op Clanwilliam, waar LEIPOLDT sy kinderjare deurgebring het. Sedert 1897 medewerker aan „Het Dagblad”, later aan „The South African News”. Oorlogskorrespondent van verskillende buitelandse blaaië gedurende die Engelse oorlog. Studie in die medisyne in Londen (1902-07). Na groot reise deur Europa, Amerika, Wes- en Oos-Indië as medikus gevestig in Londen. In 1914 terug na Suid- Afrika en sedert die tyd mediese skool-inspekteur in Transvaal.

	Bls.
Slampamperliedjie	<a href="#">52</a>
Oktobermaand	<a href="#">52</a>
In Amsterdam	<a href="#">55</a>
In die Konsentrasiekamp	<a href="#">58</a>
Aan 'n Seepkissie	<a href="#">59</a>
Die ou Blikkie	<a href="#">61</a>
Japie	<a href="#">64</a>
Die Verkleurmannetjie	<a href="#">65</a>
Die Voortrekker se vaarwel	<a href="#">66</a>
Die Vlakte	<a href="#">67</a>
By Bloukrans	<a href="#">68</a>
Wolraad Woltemade	<a href="#">69</a>
Op my ou Ramkietjie	<a href="#">72</a>
Insulinde	<a href="#">73</a>
Aan Multatuli	<a href="#">73</a>
Die Beste	<a href="#">74</a>

---

### **Dr. D. F. MALHERBE.**

Gebore 1881 in Daljosafat (Pêrel). Skoolmaat van Totius op die Hugenote Gedenkskool. Studie in die Lettere op Stellenbosch, daarna in Freiburg (Duitsland). Na sy terugkeer onderwyser op Carnarvon-taalpropaganda. Sedert 1918 Professor in Afrikaans aan die Grey Universiteitskollege op Bloemfontein.

	Bls.
Die Lied van die Nagwind	<a href="#">76</a>
Awendblik	<a href="#">77</a>
Na die Droogte	<a href="#">77</a>
Die Roosknoppie	<a href="#">80</a>
O Lande vol Graan	<a href="#">81</a>
Die See is vol van Ewigheid	<a href="#">82</a>
Slaap	<a href="#">83</a>

---

### **H. H. JOUBERT.**

Gebore 1874 op Murraysburg. Onderwyser. Sedert 1905 prokureur-notaris op Middelburg (Transvaal).

Die Trek Drakensberg af	Bls. <a href="#">84</a>
Dingaans se Gesante doen rapport aan hom	<a href="#">85</a>
Op die Laers answerwende Soeloe-hordes	<a href="#">86</a>
Moeders Skat	<a href="#">87</a>
Lente-oggend	<a href="#">88</a>
Donderweer	<a href="#">90</a>
Dageraad	<a href="#">91</a>

---

**Adv. C. J. LANGENHOVEN.**

Advokaat-joernalis op Oudtshoorn. Later lid van die Kaapse Provinsiale Raad, waar hy in 1914 die erkenning van Afrikaans as voertaal by die laer en middelbaar onderwys bewerkstellig het. Daarna lid van die Volksraad en tans van die Senaat.

My onherroeplike Kinderdae	Bls. <a href="#">92</a>
Besit en Gebruik	<a href="#">93</a>
My eie-ek	<a href="#">93</a>
Laster huldig, Roem beskuldig	<a href="#">94</a>
Die Mot en die Kers	<a href="#">94</a>
Aan die Renegaat	<a href="#">95</a>
Die Openbaring van die Waarheid	<a href="#">95</a>
Liefde's onsin	<a href="#">96</a>
Die Stem van Suid-Afrika	<a href="#">98</a>

---

**EUGÈNE MARAIS.**

Advokaat-joernalis op Pretoria. Een van die voorlopers van die nuwe Taalbeweging.

Klaas Vakie	Bls. <a href="#">100</a>
Winternag	<a href="#">102</a>

---

**Dr. A. D. KEET.**

Gebore 1888 op Alice. Studie in Kaapstad en Amsterdam. In 1918 bevorder tot arts. Sedert 1920 as geneesheer gevestig op Senekal.

Amsterdam	Bls. <a href="#">103</a>
Kinderlied	<a href="#">104</a>
As saans	<a href="#">104</a>
Awendmymering	<a href="#">105</a>
Bekoorlik Kind	<a href="#">107</a>
Probleem	<a href="#">107</a>
Sneeu	<a href="#">108</a>
Muskiete-jag	<a href="#">109</a>
Slagvaardig	<a href="#">110</a>
Dingaansdag	<a href="#">111</a>
Die twee Boodskappers	<a href="#">112</a>
Maar één Suid-Afrika	<a href="#">115</a>

---

**Dr. TH. WASSENAAR.**

Gebore 1892 op Middelburg (Transvaal). Sedert 1910 student in die medisyne in Amsterdam. In 1918 bevorder tot arts. Daarna as geneesheer gevestig op Lydenburg.

See-sonnet	Bls. <a href="#">116</a>
Bergtoppe	<a href="#">117</a>

Op die Toring	<a href="#">118</a>
Nag	<a href="#">119</a>
Kennis en Gevoel	<a href="#">120</a>
Diepte	<a href="#">121</a>
Stille Vriende	<a href="#">122</a>
Middaguur	<a href="#">123</a>
Aandliedjie	<a href="#">124</a>
Die Windjie	<a href="#">125</a>
Aan Holland	<a href="#">127</a>
Op die Dood van President STEYN	<a href="#">128</a>
Die Slag by Bloedrivier	<a href="#">129</a>

---

### **Adv. H. A. FAGAN.**

Gebore 1889. Studie op Stellenbosch en in Londen. In 1913 bevorder tot advokaat. Daarna onderredakteur van „De Burger”. In 1920 Professor in Romeins-Hollandse Reg aan die Stellenbosse Universiteit. Sedert 1921 as advokaat gevestig in Kaapstad.

	Bls.
Ouboeta	<a href="#">132</a>
Op Knysna-strand	<a href="#">133</a>
Soos die Windjie wat suis	<a href="#">134</a>

---

### **Adv. F. VAN DEN HEEVER.**

Gebore 1894 op Heidelberg (Transvaal). Studie op Ermelo en aan die T. U. K. (1914-16). Tans as advokaat gevestig op Windhoek (Suidwes-Afrika).

	Bls.
Rit-rympie	<a href="#">135</a>
Wie in Glaashuise woon	<a href="#">137</a>
„'n Speeltoneel”	<a href="#">138</a>
In die Hoveld	<a href="#">139</a>
Sondag-môre	<a href="#">140</a>
Die Verhuising van CUPIDO	<a href="#">141</a>

---

### **J. R. L. VAN BRUGGEN.**

Gebore 1895 op Johannesburg. Studie aldaar en aan die T.U. K., waar hy in 1919 die M. A.-graad behaal het in Ned. Lettere. Verdere studie in Amsterdam, waar hy in 1921 Doktoraal-eksamen in Filosofie afgelê het.

	Bls.
Die Koket	<a href="#">142</a>
Lenteliedjie	<a href="#">143</a>
'n Simpel Liedjie	<a href="#">143</a>
Aan Generaal DE LA REY	<a href="#">144</a>
Die Dood van die Ossewa	<a href="#">145</a>
Heimwee	<a href="#">147</a>

---

### **JAN F. E. CELLIERS.**

---

#### **DIE VLAKTE.**

Ek slaap in die rus van die eeue gesus,  
ongesien, ongehoord,  
en dof en loom in my sonnedroom,  
ongewek, ongestoord.

Tot die yl-bloue bande van die ver-verre rande  
skuif my breedte uit,  
wyd-kringend aan die puur al-omwelwend asuur  
wat my swyend omsluit.

Jong aarde se stoot het my boesem ontbloot  
bo die diep van die meer;  
en volswanger van lewe 't oor waat're geswewe  
die gees van die Heer.  
Uit die woelende nag van haar jeugdige krag  
brag die aarde voort  
Lewiátans-geslagte, geweldig van kragte—  
storm-ontruk aan haar skoot.  
Diep in my gesteente berg ek hul gebeente—  
die geheim van hul lewe en lot;  
maar gewek uit die sode herleef uit die dode,  
na die ewig hernuwingsgebod,  
die stof van d' verlede in vorme van d' hede,  
in eindeloos kome en gaan;  
wat die dood my vertrou 't, ek bewaar dit as goud,  
en geen grein sal 'k verlore laat gaan.

As die son oor my vloer in die môre kom loer  
en die dou van my lippe kus,  
dan kyk ek net stom met 'n glimlag om  
en lê maar weer stil in my rus.  
Hoog bowe die kim op sy troon geklim,  
is hy heer van lewe en dood;  
na wil en luim geef hy, skraal of ruim,  
verderf of lewensbrood.  
Uit gloeiende sfeer brand hy wreed op my neer  
tot my naaktheid kraak en skroei,  
en my koorsige asem in béwende wasem  
al hygend my bors ontvloei.  
In sy skadetjie rond-om sy stam op die grond  
staat 'n eensame doringboom,  
soos die Stilte op haar troon, met dorings gekroon,  
wat roerloos die eeue verdroom.  
Geen drop vir die dors aan my stofdroë bors:  
my kinders<sup>[1]</sup> versmag en beswyk,  
en die stowwe staan soos hul trek en gaan  
om my skrale dis te ontwyk.

Soos 'n vlokkie skuim uit die sfere se ruim  
kom 'n wolkie aangesweef,  
maar hy groei in die blou tot 'n stapelbou  
van marmer wat krul en leef—  
kolossaal monument op sy swart fondament,  
waar die bliksem in brul en beef.  
En o, met my is die windjies bly:  
hul spring uit die stof orent,  
en wals en draai in dwarrelswaai  
oor my vloer, van end tot end;  
die gras skud hul wakker om same te jakker  
tot hy opspring uit sy kooi,  
en soos mane en sterde van jaende perde  
sy stengels golf en gooi.  
Met dof-sware plof, soos koeëls in die stof,  
kom die eerste druppels neer,  
tot dit ruis alom so deur die gebrom  
en gekraak van die donderweer.  
Met kloue vooruit om te gryp en buit  
jaag 'n haelwolk langs verby,  
soos 'n perde-kommande wat dreun oor die lande  
vertrap en gésel hy—  
en sy lyke-kleed sien ek ver en breed  
in die awendson gesprei.

Stil in die duister lê 'k so en luister  
hoe die spruite gesels en lag;  
maar bowe die pak van my wolkedak  
het die maan al lank gewag:  
nou breek en skeur hy 'n baan daardeur  
om te deel in my vreug benede;

hy spreid die waas van sy romig-blou gaas—  
en ek lag so stil-tevrede.  
Plek op plek, soos die wolke trek,  
sweef die skaduwees onder mee,  
soos eilande wyd oor die waat're verspreid  
op die boesem van die grote see.  
Met 'n afskeidskus gaat die maan ook ter rus  
en ek wag op die daeraad—  
so skoon en so mooi soos 'n fris jong nooi  
wat lag in haar bruidsgewaad.

Oor die bulte se rug slaat die gloed in die lug  
van brande wat ver-weg kwyn,  
en doringbome fluister in die rooi skemerduister  
van gevare wat kom of verdwyn.  
Uit slote en plas, uit die geurende gras,  
styg 'n danklied op ten hemel;  
en dis net of ek hoor hoe die kriekies se koor  
weergalm uit die sterre-gewemel,  
waar wêrelde gaan op hul stille baan  
tot die einde van ruimte en tyd.  
So, groots en klaar, staat Gods tempel daar,  
wyd—in sy majesteit.

[1] Die wilde bokke, wat in klompe wegtrek by groot droogte.

---

## DIE OSSEWA.

Die osse stap aan deur die stowwe,  
geduldig, gedienstig, gedwee;  
die jukke, al drukkend hul skowwe—  
hul dra dit getroos en tevree.

En stille, al stuiwend en stampend,  
kom stadig die wa agterna—  
die dowwe rooi stowwe, al dampend,  
tersy op die windjie gedra.

Die middagson brand op die koppe,  
gebuk in hul beurende krag;  
hul swaai heen en weer in die stroppe—  
en ver is die tog van die dag.

Dit kraak deur die brekende brokke:  
die opdraans is ver en is swaar;  
dit knars in die knakkende knokke,  
maar hul beur, en die vrag bring hul daar.

So, stom tot die stond van hul sterwe,  
blyf ieder 'n held van die daad—  
Hul bene, na swoege en swerwe,  
lê ver op die velde verlaat.....

---

## TROU.

Ek hou van 'n man wat sy man kan staan;  
ek hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan,  
'n oog wat nie wyk,  
wat 'n bars kan kyk;  
en 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!

Vas soos 'n berg van grou graniet  
op vaderlands-grond, sy hartsgebied,  
aan haar getrou  
soos aan kind en vrou,  
en wat in haar ere ook syne siet.

Ek hou van 'n man wat sy moeder eer

in die taal uit haar vrome mond geleer,  
en die bastergeslag  
in sy siel verag  
wat, haar verstotend, hulself kleiner.

Die oog wil ek sien wat 'n traan nog ween  
vir 'n heldegeslag, in hul rus daarheen,  
maar 'n blits van trou  
in die traan van rou,  
wat aan liefde weer gee, wat haar bron is ontleen.

Vir my d' Afrikaner van durf en daad,  
wat Mammon's eer en loon versmaad,  
sy hoof en sy hand  
vir sy volk en sy land  
en 'n trap van sy voet vir laag verraad!

O, ek hou van 'n man wat sy man kan staan;  
ek hou van 'n daad wat soos donder slaan,  
'n oog wat nie wyk  
wat 'n bars kan kyk;  
en 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!

---

### **DIE LAASTE AAND.**

Nog nie na bed!  
Wat 'n pret, wat 'n pret,  
met jurkies aan  
en voetjies bloot  
so met Pappie te rol  
en stoei en stoot!

Ja, laat mag hul speel, het Mammie gesê,  
voor Pa hul vanaand in hul bedjie sal lê.  
Maar, verleë soek Breggie by Mammetjie skuil,  
vra soetjies aan haar waarom Paatjie tog huil?  
Nog nooit by hul speul'tjies het hy dit gedoen—  
en so dikwels tot selfs die klein voetjies gesoen.

\* \* \*

Wyd oor huis en velde  
rus al lang die nag  
as so by die bedjies  
twee nog bid en wag,  
wakend tot die môre—  
wrede skeidings-dag.  
„Vader in U hoede  
lê ons hulle neer,  
gee ons eendag, Vader,  
aan mekander weer.  
Wil, Vader, oor ons huisie waak,  
dat leed nog honger dit genaak.”

Droom-verlore dotjies,  
rustend naas mekaar,  
hoor gebed nog klae,  
weet van geen gevaar,  
met één troos tevrede:  
moeder is nog daar,  
om die ogies moeg en vaak  
met haar soentjies toe te maak.

En na 'n diepe suggie  
gaan die borsies teer  
so in stille sluimer  
stadig op en neer;  
handjies sag en roserooi  
bo die hofies opgegooi—  
reine handjies, sonde-leeg,  
handjies waar geen las op weeg.



## DIE BRAND.

Dit is die winterwind wat waai,  
al wenend deur die lange nag,  
al wenend om die verre dag;  
die twye swenk, die takke swaai—  
dit is die winterwind wat waai.

Hy sleep die sug van eeue mee  
uit dieptes van die diepe see,  
en waar vergane skepe rus  
op menig maan-gebleekte kus;  
hy sing van lang vergete wee,—  
hy bring die sug van eeue mee.

Hy kom oor velde ver en wyd,  
oor grafte in hul eensaamheid,  
waar moeders van hul sorg rus,  
waar kindersnikkies is gesus—  
dit is die lied van d'eensaamheid,  
hy kom oor velde ver en wyd.

\* \* \*

„My ma, ek hoor van verre om  
'n dreuning oor die velde kom!”  
„Dit is die bome in die wind,  
die wilgertakke kreun, my kind.”

„My ma, ek hoor my brakkie huil,  
wat sou daar kruip, wat sou daar skuil?”  
„My kind, die nag is koud en lang,  
die diertjie is alleen en bang.”

„My ma, dit dreun al in die rond  
soos perdehoewe op die grond;  
my ma, wat lig daar soos 'n vuur  
van buite op die kamer-muur?  
My ma, daar brand die koring-miet!”—  
„My kind, die Heer Se wil geskied!”

\* \* \*

Is daar 'n beul so woens en wreed  
wat manne-eer en plig vergeet,  
met onskuld en met swakheid lag  
en uitdryf in die winternag?

Is daar 'n hand wat nie ontsiet  
die liefste wat Gods aarde bied,  
die skoonste gawe uit Gods hand—  
die vaderhuis in die vaderland?

Dis heilig grond, dis heilig grond,  
die plekkie waar 'n wiegie stond  
en waar 'n jonge moeder bly  
haar kindjie se eerste skrede lei;

waar sy die lippies, jong en teer,  
hul eerst' gebedjie het geleer,  
en waar sy lange nagte vaak  
vol angs en kommer het gewaak.

'n Stille vrede dra die plek  
waar, om die witte tafel-dek,  
die etens-ure so om haar  
die blonde koppies het vergaar.

En uit herinn'rings bly verlee,  
vergange dae se soete wee,  
berg elke hoekie so sy deel;  
O wee, wie 'n hart die skat ontsteel!

Daar staat 'n moeder met haar kind  
allendig in die winterwind—  
en niemand wat haar trane siet,  
en niemand wat haar trooste bied.

En wilde vlamme strooi dit wyd,  
die vrug van lange lewensvlyt—  
in vonke deur die lug gesaai,  
in vonke wat die wind verwaai.

Haar kindjie aan haar bors gevou  
beskut sy teen die winterkou—  
die trane wat sy swyend ween,  
so op haar wang tot ys versteen.

En winterwinde sing die lied  
van eensaamheid en stil verdriet;  
en sonder weerklank sterf die klag  
op wye velde in die nag,  
al sugtend deur die gras se saad—  
en verre is die daeraad.

Die twyge swenk, die takke swaai,  
dit is die winterwind wat waai....

---

## DIE KAMPSUSTER.

Suster Anna, ek voel dis die dood wat kom:  
slaat ope die tentdoek, na buitekant om,  
dat my oë vry oor die bulte gaan—  
Suster Anna, ek hoor 'n kerkklok slaan.

Ek hoor hoe die kindertjies roep vir my;  
van ons klompie moes ek nog die laaste bly.  
Kom neem tog my hand, soos jy dikwels doet—  
ag, altyd was Suster vir ons so goed.

My man, hy lê ver langs Toegela-stroom af,  
en niemand weet waar of hy rus in sy graf;  
ag Suster, en neem nou die Heer nog vir my,  
dan is Pieter allendig nog owergebly.

Ek weet hy bly staan met sy roer in sy hand—  
ja, trou tot die dood, vir sy volk en sy land;  
en mog dit so wees dat die Heer hom behoed,  
so bring hom tog, Suster, sy moeder haar groet.

En sê vir hom, selfs op die donkere rand  
het jy vrese nog bewing gevoel aan haar hand;  
en dit was haar troos, dat haar Pieter sal hou  
aan sy God en sy land, aan sy ere en trou.

Die kindertjies, Breggie en Japie en Faan,  
het Suster die een ná die ander sien gaan;  
en jy sê daar 's 'n plekkie vir my nog gebly,  
waar moeder kan rus aan klein Fanie se sy.

Die ou huis se murasie staat swart en ontbloot,  
waar almal so saam was om moeder haar skoot;  
maar ver van die huis en verstrooi deur die land,  
rus almal tog saam in die Here se hand.

Oor die velde kruip saggies die awend se grou;  
maar Suster, ek sien nog die hemel se blou.  
Daar rol 'n gedreun oor die bulte aan—  
Suster Anna,—ek hoor 'n kerkklok slaan!...

---

## DIS AL.

Dis die blond,  
dis die blou:  
dis die veld,  
dis die lug;  
en 'n voël draai bowe  
in éensame vlug—  
dis al.

Dis 'n balling, gekom  
oor die oseaan,  
dis 'n graf in die gras,  
dis 'n vallende traan—  
dis al.

---

## AFRIKANER-TROOS. (Histories.)

So eenkeer elke sestien jaar  
kom daar 'n tyd—jul weet dit wel—  
dat al die sterre, hot en haar,  
soos vuurwerk deur die hemel snel.

So was ek eenkeer op die pad—  
dis lange jare al verby;  
ek kom die aand op Seekoegat—  
daar gee hul toe 'n bed vir my.

En kyk, daar kom toe in die nag  
so'n sterre-reën op ons neer;  
geen mens had aan so wat gedag—  
en dat dit erg was, kan ek sweer.

Die hele huis raak in rumoer,  
die honde blaf, die hoenders kraai;  
maar, moeg van heeldag ry en roer,  
slaap ek so deur die heel lawaai.

Daar voel ek iemand stoot my aan.  
Ek roep: „Wie's daar?” en draai my kop,  
Die goeie tante sien ek staan,  
en saggies sê sy: „Neef, staat op,”

Ek sien sy lyk so bleek en naar;  
dus vra ek gou: „Wat skort d'r aan?”  
Sy sê: „Die laaste dag is daar,  
en netnou sal die wêr'ld vergaan.

Kom sit by ons daar binne nou—  
ag neef, hoe kan j'aan slaap nog dink?  
Ons tyd is kort, kom laat ek jou  
tog eers 'n koppie koffie skink!”

---

## KLEIN ONDEUG.

Klein ondeug, moeders sorg en skat,  
haar lus, haar las, haar vreug—  
hy vroetel hier, hy snuffel daar,  
hy pluk die hele huis deurmekaar—  
keer voor daar!—liewe deug!

Te laat! Daar gaat die koppie al,  
en stukkend op die vloer.  
Knor jy hom, jy kry knor terug,  
of nydig smyt hy 'm op sy rug  
en trappel fluks tamboer.

Hy 's kort-kort by die waterbak,

al jaag jy hom elke maal:  
jou Sondagstewels kry hul bad;  
dan is dit weer die arme kat  
wat jy daar uit moet haal.

Al trippe-trap die mure langs  
kan jy sy stappies hoor;  
hy 's weg en stil nou, soos 'n muis—  
maar glo my nou's dit glad nie plus:  
kom, hier is al sy spoor.

Daar het jy 't al, die muurpapier  
in repe afgetrek,  
geskeur in stukgies, klein en kort,  
die inkpot daarop uitgestort  
en hy—één swarte vlek!

Daar val meteens die solderleer,  
ja, soos 'n donderslag!  
Ons loop te hulp met grootste haas—  
daar sit die kleine vent daarnaas  
en skater soos hy lag!

Dis brabbel-praat, dis woel en val,  
van smôrens vroeg tot laat;  
dis koppie stamp, en huil en lag  
so twintig male elke dag,  
tot basie kooi-toe gaat.

Die laaste soentjie is van haar  
wat sorg nog las ooit heug.  
Met mond en pootjies skoon gewas,  
slaap nou klein ondeug—moeders las,  
haar skat, haar sorg, haar vreug.

---

### 'N SNAAKSE VRYERY.

As tweetjies met mekaar wil vry,  
is 't beter om jou ver te hou—  
nie waar, wat raak dit jou of my  
as tweetjies met mekaar wil vry?  
Net van één snaakse vryery  
wil ek die storie jul ontvou.  
As tweetjies met mekaar wil vry,  
is 't beter om jou ver te hou!

'n Flukse nooi was Hannie Waal,  
en Japie Brink het daar gedraai—  
die ogies blou, die lakkies vaal—  
'a flukse nooi was Hannie Waal.  
Maar of nou Japie dit sou haal—  
dit was maar moeilik om te raai.  
'n Flukse nooi was Hannie Waal,  
en Japie Brink het daar gedraai.

Eén Sondag by die kerk se deur—  
moe' nou nie dink dit was 'n plan nie—  
het so 'n kleine iets gebeur—  
één Sondag by die kerk se deur.  
Die kerk was vol, hul druk en beur,  
en so kom ek net agter Hannie—  
één Sondag by die kerk se deur—  
moe' nou nie dink dit was 'n plan nie!

Haar boek het uit haar hand gegly,  
toe sy so uitstap op die treetjie;  
ek *moes* dit optel, 'k was daarby—  
haar boek het uit haar hand gegly.  
„Baie dankie, neef,” sê sy vir my,  
en 'k sien sy kleur so'n kleine beetjie.  
Haar boek het uit haar hand gegly,  
toe sy so uitstap op die treetjie.

En onder by die muur se draai—  
dalk het ek my dit maar verbeel—  
kyk sy nog om 'n slaggie, raai—  
daar onder by die muur se draai.  
Beskou jy dit as trou verraai?  
Die kykie het ek tog nie gesteel!  
Ja, onder by die muur se draai—  
dalk het ek my dit maar verbeel!

Wel, ek het kennis toe gemaak—  
die hoe of waar kom nie op aan nie;  
toe loop ek daar vir Japie raak,  
nadat ek kennis had gemaak.  
Hul sit toe saam amandels kraak,  
die eerste awend, hy en Hannie,  
nadat ek kennis had gemaak—  
die hoe of waar kom nie op aan nie.

Jaap kry 'n tweeling in die dop,  
en één daarvan gee hy aan haar;  
die ander eet hy selwe op—  
Jaap kry 'n tweeling in die dop.  
Was dit nou glips of wou sy fop?  
Want uit haar handjie val dit daar.  
Jaap kry 'n tweeling in die dop,  
en één daarvan gee hy aan haar.

Sy 's op haar knieë voor die stoel—  
dat ek moes help, nie meer as plig nie!  
Die amandelpitjie was ons doel—  
sy 's op haar knieë voor die stoel.  
Dat ek haar handjies raak moes voel,  
kan jul begryp: daar was geen lig nie!  
Sy 's op haar knieë voor die stoel—  
dat ek moes help, nie meer as plig nie!

En Japie dink: „Wat sou gebeur het?”  
nou sy die pitjie had gekry.  
Ons merk dat sy so'n rooie kleur het,  
en Japie dink: „Wat sou gebeur het?”  
„Dis duis'ling wat ek altyddeur het  
as ek gebuk het,” sê toe sy!  
Ja, Japie dag: „Wat sou gebeur het?”  
toe sy die pitjie had gekry.

Die helfte byt sy af vir haar,  
en helfte lê sy op haar handjie:  
„Dè, neef! Jy het help soek, nie waar?”—  
Die helfte byt sy af vir haar,  
en op my halfie sien ek daar  
die kerfie van 'n witte tandjie!  
Die helfte byt sy af vir haar,  
en helfte lê sy op haar handjie.

Dat dit gesmaak het, moet ek sê,  
al was my deeltjie maar 'n kwartjie:  
'n *kleine* loon moes ek tog hê—  
dat dit gesmaak het, moet ek sê,  
al sien ek Jaap so stil oorlê:  
„Daar gaan 'n stukkie van haar hartjie.”  
Dit het gesmaak, ek moet dit sê,  
al was my deeltjie maar 'n kwartjie.

Of dit by 'n kwartjie het gebly?  
Dit raak jul niks nie, wel beskou,  
of ander mens se vryery  
nou by 'n kwartjie het gebly;  
want as daar tweetjies is wat vry,  
is 't beter om jou ver te hou.  
Of dit by 'n kwartjie het gebly?  
Dit raak jul niks nie, wel beskou!

## DIE MURASIE.

By staande waat're klaag my siele wee—  
By stille waat're in die skemer-uur,  
In drywend vuil gedam, en lang ontdaan  
van sorgers hand, so treur die stille stroom;  
en dampend skuif 'n walm soos lyke-kleed  
die soppig-gryse vlak van die water langs.  
In swart gegrif op wester-koperkwyne  
staan blad en twyg in roerelose rou.  
Geen lag of voetstap op die tuinpad meer,  
waarbowe kruin teen kruin in droefheid leun,  
deur vreemde hand beroof van somerweelde  
en wenend droë blaartjies, één vir één.

En naby lê die ou murasie daar,  
met dode-oë starend in die wes—  
geen ruit wat blink in vriend'lik awendglorie,  
geen hand wat sawends daar die luike sluit,  
geen warme gloed deur vensterspleet of deur:  
die koue nagwind dwaal deur holle sale  
en roer die flenters van die muurpapier.  
En waar die tafel was met awendspyse  
of rusbed, sag gesprei, aan kamerwand,  
daar loer die maan die naakte mure ower,  
daar lê die naakte balk 'n skaad'wee-band.  
Geen fyne hand wat frisse teue skink  
aan hange-slepend loof langs stoep en raam.  
In stof van verre stede sien ek sleep  
die blomme hier in vredehof geteel....  
Verby, vergaan! Of mag die hoop nog lewe,  
of tref die laaste vonnis nou nog nie?

---

## AARDGEESTE.

Daar kom hul aangetreed  
tot slagting wreed,  
    bespied,  
    bekruip,  
    beloer,  
    besluip  
mekaar, tot moord gereed.  
    Ei, daar blits  
    'n bliksemflits!  
    Nog een! Nog een!  
    Dit knal, dit bars,  
    dit knor, dit knars,  
knett'rend kraak die kleingeweer!  
    Kranse herhaal  
    die woeste kabaal—  
    soos donderweer!  
    Koeëls, kartetse  
    fluit en gons,  
    beuk en bons,  
morsel die rotse tot spattend gruis!  
    Dampe staan,  
    waar die bomme slaan,  
vore ploëënd met hels gedruis!

\* \* \*

Vaarlands grond drink die bloed  
nog vol vryheid se gloed  
    lou uit die wonde.  
Menig sterwende sug  
dra 'n groet deur die lug  
bo die wapengerug—  
    ver in die ronde.

O, die lippe wat bleek  
om 'n waterdronk smeek—  
    wonde wat brande.

Ongehoord, ongeag  
menig kermende klag,  
waar die woelende slag  
dreun oor die rande.

En in eensame nag  
staan die sterre se wag—  
stil en van verre,  
oor die helde se skaar  
tot hul ruste vergaar,  
onbelas, onbeswaar—  
veilig gebêre....

---

## DINGAANSDAG.

Ster-nag omsluit die laer—  
onder die kleine skaar  
by die lanternlig daar,  
stilte en vrede....  
Sterk is die stem en skoon,  
smekend om hulpbetoon,  
wat tot die VADERtroon  
klim in gebede.

Môre-lig,  
roepings-plig  
daag vir die helde,  
Vader, die taak is swaar,  
klein en verloor die laer  
in die groot velde.

Woes-singend,  
aanstuiwend,  
dans-springend,  
pluimwuiwend,  
kom die barbare—  
driemaal tien-duisendtal,  
dond'rend hul voete-val,  
storm hulle skare!

Afrika,  
Afrika,  
was 't jou gegéwe,  
vêr en vooruit te skou  
wat in die stryd vir jou  
hier was te breek of bou—  
jy had gebéwe!

Kalm-in-daad,  
wêreld-verlaat,  
wêreld-vergete,  
sterk in die Heer se krag  
staan hul die storm te wag—  
oormag-oormete.

Reguit en raak-sekuur  
blits uit die tentwa-muur  
driemaal die Boere-vuur,  
kraak hulle roere,  
maaiend die horde om—  
drie-male, al wat kom—  
kyk, tot die swarte drom  
wyk vir die Boere!

Dingaan-slag,  
wonder-dag,  
jy het bevestig  
al wat 'n nasie bou,  
al wat 'n taal behou.  
Ere die helde-skaar!  
Klein was die klompie daar:  
vier-honderd-sestig!

Afrika,  
Afrika,  
eer hul gedagtenis!  
En as jou vryheids-dag  
eens oor jou velde lag,  
weet wie te danke is—  
eer hul gedagtenis!

---

### **STILLE WERKERS.**

Oubaas sit oordwars op ou Geduld.  
Met nek omlaag, en oë op die grond,  
so dra hy oubaas huistoe, stap vir stap.

Oubaas pof 'n rokie uit sy pyp,  
so nou en dan, teen rooi van awendlug,  
en praat 'n woordjie met sy goeie ou maat.  
Daar 's goudlig in sy baard; en d'aandson gee  
d'ou perd 'n laaste rapsie oor sy kruis.

En stil is hul oor dagtaak afgedaan,  
en stil sal hulle môre weer begin—  
tot eendag ook oor hul die velde swyg.

---

### **WAG-HONDJIES.**

Ek is hier, en ma is hier,  
ons twee lê op baas se baadjie.  
Wie is jy?  
Kom, loop verby!  
Anders word ons knor 'n daadjie—  
kry jou bene dalk 'n hap,  
kry jou broekspyp dalk 'n gaatjie!  
Mooipraat? Nee, ons ken jou nie.  
Weg jou hand, en raak ons nie!

„Oppas!” het die baas gesê,  
„tot ek weer kom, hier bly lê!”  
Op ons pootjies lê ons kop,  
maar ons hou jou darem dop,  
toe-oog slaap ons op die baadjie,  
maar ons loer nog deur 'n gaatjie—  
één oor plat, en één oor op,  
pas-op!

---

### **PRESIDENT STEYN.<sup>[2]</sup>** **(† 28 Nov. 1916).**

Dis skoon vir 'n held om te val  
aan die voete van wie hy gedien het,  
skoon vir sy skeidende gees  
dat moeders die laaste mog wees  
wat sy sterwende oog gesien het.

Maak hom 'n graf op die grond  
wat sy liefde gewy en gesien het:  
dis skoon vir 'n held om te rus  
aan die voete van wie hy beween het.

---

[2] Pres. STEYN is deur 'n beroerte getref, terwyl hy besig was om 'n kongres van die „Oranje-Vrouevereniging” op Bloemfontein toe te spreek. Hy is begrawe aan die voet van die Vrouemonument, wat deur hom tot stand gekom het.



## KOMAAAN!

Wees sterk!  
Daar 's 'n nasie te lei,  
daar 's 'n stryd te stry,  
daar 's werk!  
Daar 's nie na guns of eer te kyk,  
daar 's nie na links of regs te wyk,  
daar 's net te swyg en aan te stryk—  
Komaan!

Wees trou!  
Daar 's 'n volk te leer  
om homself te eer,  
te bou;  
om God, om God alleen te vrees,  
aan aard en taal getrou te wees,  
gesond en waar van hart en gees—  
Komaan!

Wees fier  
op 'n voorgeslag waard  
in wil en daad  
gespier!  
Hul lewensweg het ons gewys  
om trou te wees aan waarheids eis.  
Wie laak mag laak, wie prys mag prys—  
Komaan!

---

## MA EN PIETJIE.

Dis moeder Makou en haar kleine Piet.  
As jy nader kom, dat sy dit siet,  
dan lig sy haar kop en kyk vir jou  
asof sy vra: „Wat is dit nou?  
Wil jy Pietjie hê, wil jy Pietjie steel—  
my liewe klein bolletjie goud-ferweel?”

En sy sê met haar omdraai en skuddend haar stert:  
„Nee, die hele wêreld is Pietjie nie werd!  
Kom, ons loop.” En hy volg haar in trippeldraf klein  
op sy sagte voetjies van geel satyn.

As sy waak, sit hy slaap, onbewus van haar angs,  
of hy trippel rond op 'n goggatjies-vangs,  
pik mis en te laat na 'n motjie wat vlug,  
en struikel onhandig en val op sy rug.

Die wêreld daarbuite mag staan of mag val,  
ons erf is, vir Pietjie en Ma, die heelal,  
want Ma het vir Pietjie en Piet het vir Ma,—  
daar 's niks wat hul meer van hul daggie vra  
dan, totdat hul daggie word opgesê,  
net lief te hê, net lief te hê.

---

## TOTIUS (Dr. J. D. DU TOIT).

---

### DIE LIED VAN DIE OSSEWA.

Er is het geklap der zweep, en het  
gehuil van het bulderen der raderen.  
Nah. 3:2.

Hoor hoe sing ek my lied as die osse so stap  
langs die wyd-ope veld, waar die voorslag-punt klap,

waar 'n wonder van stilte my alkant omsweef  
as ek rustloos-alleen langs my grootpad bly streef;  
ja daar vér in die veld, dáár word ek gehoor,  
waar g'n straatklank my klinkende stem kom verstoer;  
en ek sing met geweldige kiem my geluid  
oor die luitrende vlak van die graslaagtes uit.

Op my lied was die brui gom so wonderlik trots  
as my wiele wegrammel oor kliprug en rots;  
as die seekoeivel-sweep, wat die rooispan bestryk,  
in sy hande verrys om na vore te kyk;  
of straks skielik weer daal, op my welvaart bedag,  
om die veld te deurdreun met 'n knallende slag,  
waar die osse van beef en my wiele van raas,  
wyl die brui gom meteen op die kettingtou blaas.  
Ons drieklank, verenig in innige band,  
was die skone gesang in die trekker se land,  
toe ons saam het getrek, die land in gesig,  
waar ek, troue gesél, hom sy taak sou verlig.

Voor 'n wiel het kon rol in die wêreld nog wild,  
het my klank die gebrul van die leeue gestild;  
en ek het al gejubel met vorstelike lied  
toe g'n pad was gebaan in die woeste verskiet.  
Toe g'n huis nog die trekker se kroos kon beskut,  
was my tent vir die kleintjies 'n veilige hut,  
wat by nagtelike tog met gewieg en gesus  
hulle sag het laat sluimer in salige rus.

Ja ek het met die trekker my singend verbly,  
of in rampe met klaagtoon sy psalm begely.  
In die stryd met Dingaan, as sy siel werd geskeur,  
het my troostende stem weer sy moed opgebeur,  
en ek het uit die dieptes hom weer uitgevoer  
na geweste van rus vir die swerwende boer.

Maar nou val weer my lot in 'n dag van veel kwaad,  
want die trekker se seun het sy plaas moet verlaat,  
en ek, arme, nog lewend, het agtergebly  
om weer saam met sy vrou en sy kinders te ly.  
Maar my stem is nou hees en my klank is verdof  
na die jare van worstling met sonbrand en stof,  
en my kranke geluid word weemoedig gesmoor  
deur 'n nare geklaag uit my tentjie gehoor.

Want ek rol, ek en honderde waens met my,  
na die plek waar die vrouens en kinders gaan ly.

---

## VERGEWE EN VERGEET.

Dat gij niet vergeet de dingen dieuwe ogen gezien hebben.  
Deut. 4:9.

Daar het 'n doringboompie  
vlak by die pad gestaan,  
waar lange ossespanne  
met sware vragte gaan.

En eendag kom daarlanges  
'n ossewa verby,  
wat met sy sware wiele  
dwars-oor die boompie ry.

„Jy het mos doringstruikie,  
my ander dag gekrap;  
en daarom het my wiele  
jou kroontjie plat getrap.”

Die ossewa verdwyn weer  
agter 'n heuweltop,  
en langsaam buig die boompie  
sy stammetjie weer op.

Sy skoonheid was geskonde;  
sy bassies was geskeur;  
op een plek was die stammetjie  
so amper middeldeer.

Maar tog het daardie boompie  
weer stadig reggekom,  
want oor sy wonde druppel  
die salf van eie gom.

Ook het die loop van jare  
die wonde weggewis—  
net een plek bly 'n teken,  
wat onuitwisbaar is.

Die wonde word gesond weer  
as jare kom en gaan,  
maar daardie merk word groter  
en groei maar aldeur aan.

---

## DIE OS.

Hoe rustig stap hy aan  
die edel jukgediert!  
hoe waggel hy die kop  
met horings swaar gesierd  
en stewig ingestrop!

Hoe rustig stap hy aan  
so sonder tuiggetooi,  
met matte dowwe plof;  
sy vel trek plooi op plooi  
rondom die breë skof.

So stap hy rustig aan  
vol kalme majesteit  
en ongesmukte prag—  
beeld van stilswyendheid  
ên selfbewuste krag.

Steeds stap hy rustig aan  
met rustelose drang,  
by kou en sonnegloed;  
maar snags versnel sy gang  
om dagversuim te boet.

Nog stap hy rustig aan  
as dae kommervol  
laat bleek en krul sy gras;  
hy skeer die hardste pol  
en suip die modderplas.

Stap, stap dan rustig aan  
en deel die trekkerslot;  
die skaarste en owerfloed,  
daar in die land, waar God  
ook is vir osse goed!

---

## MOSELEKATSE.

Manestraal aan troeb'le trans;  
rond die vure glimmerglans;  
kaffers nes in dodedans  
om die vlamme;

windgewiegeld, tak en blaar  
wenk met spokerig gebaar,  
skaduwees nes skimme waar

om die stamme.

Wild gebruik van bometop;  
dansgedreun en skildgeklop;  
vuurgeglim van onder-op—  
hel-tafrele!....

Vlammend rys sy speer oplaas!  
Stiller word die krygsgeraas.  
Nagwind waai met breed geblaas  
sy bevele:

„Hoor die seun van Matchobaan!  
Ha! die witman kom weer aan!  
Tweemaal het hy ons verslaan,  
maar nie weer nie.

„Lewend afgeslag is hul,  
ha! die swarte en witte bul;  
maar die witte, ha! hy brul  
nou nie meer nie.

„Dans dan by die nuwe maan!  
Sing die seun van Matchobaan!  
Slag nou van die voorpoot aan—  
vette beeste!

„Slag die offerbeeste hier;  
gooi hul in die groot rivier  
met die pronkkalbasse bier—  
vir die geeste!

„Laat die dokter uit jul drom  
wys deur wie die onheil kom  
oor die Matabeledom—  
laat hom braaie.

„Vang die slagos uit die trop,  
lewend vlek sy skouertop,  
sny dit, ha! in toutjies op;  
laat dit swaaie

„langsaam in die bitter rook,  
byt 'n stuk af van die strook  
drink die bitter asstof ook—  
en wees manne!

„Wag jul more vir die lis  
wat die krag van witman is;  
laat jul van jul erfenis  
nie verbanne.

„Ons was hier al van begin,  
en die witman sal nie win;  
eenmaal gaan sy tyd weer in  
van verdwyne;

„eenmaal dryf ons hul weer weg!  
Ha! die land word skoon geveg,  
en die kaffer sal sy reg  
sien verskyne.

„Eet en drink nou mond tot mond,  
dans en spring nou in die rond,  
tot die maan raak aan die grond  
met haar sterre!”

\* \* \*

So verklink sy oorlogswoord;  
danse, brulle word gehoord;  
ja, 'n volle hel-akkoord  
dreun van verre.

---

## DIE DRIE KINDERTJIES.<sup>[3]</sup>

Waar die spruitjie 'n lief geluidjie  
murmel langs die groene soom,  
en besye weggeleie,  
watertjies in plassies droom—

Skep ses handjies van die kantjies  
moddergrondjies, swart en vet;  
en hul brei die, tot hul klei die  
beeld van wa en ossies het.

'n Swarte sware kring barbare,  
toegeskote vlieë snel,  
kyk nou vrindlik by so'n minlik  
en verteedrend kinderspel.

„Moenie breek nie!... Moenie steek nie!  
Kyk hulle speel nes kaffertjies!”  
En hy keer hulle, en hy weer hulle  
met sy bloedbedrupte spies.

Hulpontvalle, roep hul alle;  
dog... die laer is uitgemeor!  
En hul kerme om ontferme  
word steeds verderweg gehoor.

„Hulle lewe... maar verdrewe  
noordwaarts!” klink dit agterna.  
Perderuiters het die buiters  
haastig agterna geja.

„Niks kon vinde!” ... Net die winde  
waai op plekkies droewig rond;  
en klein beentjies, tussen steentjies  
weggebleek, bedek die grond.

[3] By die Liebenbergs-moord is drie Boerekinders deur Moselekatse se kaffers meegevoer. Potgieter het later 'n vergeefse poging gedoen om hulle terug te vind.

---

## VEGKOP.<sup>[4]</sup>

Bleek blink die seile vèr teen die hang,  
swart kom die kaffers met driftige drang,  
bewend omhoog rys gebed en gesang—  
o so bang!

Donkre gevaartes dondrend temet,  
blitsende flitse van pyle gewet,  
borend na bowe die skietgebed:  
Here red!

Hoor die gebruis teen die wawiel aan!  
Hoor die geklots oor die seile slaan!  
Sug van vertwyfling die boesem ontgaan:  
Heer, dis gedaan!

\* \* \*

Vas lê die roer in die trekker se hand,  
fluks hou sy vrou aan sy syde stand,  
weg vlug Kalipi weer na sy land—  
vêr oor die rand!

Swart lê die kaffers: blom van die heir;  
„Samel by hope die vyand se speer!  
God het geseen man en geweer!  
Sink dan terneer!

[4] In Oktober 1836 het SAREL CILLIERS met 40 man 'n aanval van 5000 Matabeles op die treklaer by Vegkop (Vrystaat) afgeslaan.

---

**REPOS AILLEURS.**  
**(Die rus is elders).**

In die eensame veld  
staan 'n tentjie klein,  
en daarnaas in die skeemring  
skuif die liggende trein;  
ek sien in die tentjie,  
deur die ope gordyn,  
'n tafel met bordjies  
en glasies fyn,  
wat sag in die lig  
van 'n kersie skyn;  
en ek dag: „was ek net  
in die tentjie klein—  
*ek sou tog, o so gelukkig, syn*”.

Naas die eensame tent  
staan 'n meisie klein  
in stomme bewondering  
vir die liggende trein;  
sy sien my geniet  
my glansende wyn  
en kostlike maal  
by elektriese skyn;  
en ek raai die gedagte  
van die meisie klein:  
„og, was ek maar net  
in die vrolike trein,  
*ek sou tog, o so gelukkig, syn*”.

---

**'N SPROKIE.**

Ek ken 'n mooi klein sprokie  
wat so na waarheid klink—  
dis dat die tortel altyd  
sy water troewel drink.

Kom hy by helder plassies,  
dan sal hy drinkend neig  
as eers, na sagte roering,  
die modderwolkies styg.

Dáárom sing hy so droewig  
van donker voëlleed;  
dáárom tooi hy hom stemmig  
met dowwe verekleed.

So is daar sombre siele  
waar hy my aan laat dink,  
wat, soos die tortel, troewel  
die lewenswater drink:

Vir alle lewensliefheid,  
vir vreugdesang bevrees,  
drink hulle geen genoeëns—  
of dit moet troewel wees!

Dit is nag, stille nag,  
en 'n moeder hou wag,  
waar 'n kindjie teer lê te sterf—  
net 'n flou-floue sug  
in die ruim-ruime lug,  
en 'n sieltjie het weggeswerf.

En agter die huis  
vlieg met woeste gedruis  
die snorkende spoortrein verby;  
en die nag die dreun  
van sy wilde gesteun,  
soos hy voort op die ysters gly.

O die tedere krag  
van 'n kind, wat so sag  
en so stil weer die wêreld ontstyg;  
O die moeder alleen  
in haar bitter geweën,  
as die nag op haar smeekstem swyg!

O die woeste geweld  
van die trein oor die veld,  
waar die moeder allenig treur;  
die hemel en aard  
weergalm van sy vaart,  
wat die wêreld in twee skeur.

---

### DAAR RUIS 'N LIED.

Daar ruis 'n lied van lang verlee,  
en stemme singend kom van ver;  
en immer ruis my siele mee  
met stemmelied van lang verlee—  
uit d' eeue her.

Daar ruis 'n lied van lang verlee  
wanneer die wind so sag verrys;  
en immer, buigend na benee,  
die bometop sing klaaglik mee  
eenselfde wys.

Daar ruis 'n lied van lang verlee  
in d' oseaan se maatgesang;  
en immer ruis die skulpies mee  
met d'eeuelied van grote see—  
diep opgevang.

Og, kon ek sing van lang verlee  
gelyk die skulpies so getrou,  
wat opgegaan, nog kleinlik gee  
die weerklank van 'n wêreldsee—  
by d' oor gehou.

Og, kon ek sing van lang verlee  
gelyk die dentak hoog in top,  
wat daar sy naaldjies klein-verbree,  
opdat die wind sy oue wee  
kan klaag daarop!

O, kom tot my uit lang verlee,  
sangstemme, kom uit droomgebied,  
deurruis my siel soos awendbee  
van westewind, soos verre see  
se golwelied!

---

### STOF.

Die luie stof. Hul het geen voete, want

net waar ek kom, daar leg  
hul al maar in my weg.  
Of kom my voet hul te naby  
dan skuif party  
net effentjies op sy.

'n Rusbed vind hul oweral  
om lomerig op neer te val.  
Grassprietjie is hul nie te smal,  
wat langs die grootpad staan.  
Die grootpad weer is nie te breed;  
kerksolder nie te eensaam, of  
die toringdak te hoog gemeet.

Hul lê so rustig op die skoer  
van werkman, hard en uit fatsoen  
getrek al en verslyt—  
so rustig soos  
in perlemoer van dames-oor,  
of op haar blanke hals.

Net reëndruppels laat vir hul  
haastig op luie rusbed krul,  
nes wurms langs die grond.  
Maar as die son se gloed hul vat,  
lê hul weer reguit en  
gee vir geen wawiel pad.

Daar kom hul aan—dieselfde stof!  
Die lug is vuil, die son is dof.  
Dit lyk wel wonder-baie of  
die wêreld wil vergaan—  
so kom hul aan!

Soos 'n bende ruiters, stoer en straf;  
Soos 'n kommande op stywe draf,  
ry hul verward die grootpad af.  
Hul trek hom vol, sy lengte langs,  
versprei omheen wildheid en angs  
en al na vorentoe.

Die vrouens ruk die deur op slot;  
die manne vlug op hoog gebod,  
reusbome wals soos skimme rond  
en wyk, met huise in verbond,  
na ongewisse newelgrond—  
en dit is of stof alleen bestaan!

Stof en sy agterryer, Wind,  
wat op sy hakke jaag geswind,  
hul twee die dryf, van woede blind,  
stormenderhand,  
die lug en landskap uit verband!

---

## **DIE STERRETJIE.**

Goei nawend my sterretjie  
met jou vrindelike groet;  
jou weer te sien skitter  
doen my harte so goed!  
Ek staan net maar op  
van my lampe-liggie,  
en daar kyk ek verras  
in jou kindergesiggie.

My kleintjies lê binne  
in hul droompies al:  
ek was bang dat die ryp  
in hul ogies sou val.  
Met wangetjies rond  
lê die slapende bloedjies  
glimlaggend te droom



van hul spelegoedjies.

En jy speel maar hierbuite  
in die winternag!  
En kom my nog teë  
met jou olike lag!  
Jy weet van geen nag,  
geen koue of vrese,-  
klein liggende, laggende,  
klein hemelse wese!

Jy speel in die nag  
om die aard te verbly;  
in my donkere berowing  
kom jy laggend tot my.  
En is dit my netnou hierbuite te koud,  
dan vlug ek geswind weer na binne;  
maar jy bly, ongesien, nog skitter daarbo  
aan die hoë, hemelse tinne!

---

## DIE OUE PUT.

Ginds op 'n knoppie, wydgeleë,  
ver van die woelige werf en weë,  
armoedig lê en skaars beskut,  
in middagslaap, die oue put.

Geen voël laat sy lied daar klinke,  
geen doringboom sy skadu sinke  
op leiklip-brokkies, wat lê braai  
in middaggloed se ligte laai.

Verwaarlosing se ongenade  
spreek uit die stukke pale en drade,  
waarbinne staan 'n slingerwiel:  
die toegang tot 'n diepe siel;

tot swyggeheim wat waterwelle  
straks aan die velde sal vertelle,  
as sag 'n windjie hul ontwek,  
voordat die kuddes bronwaarts trek.

Intusse daal van hemelbinne,  
deur sombre skemering daarbinne,  
'n langgespanne silwerdraad  
wat afglans op haar stil gelaat.

'n Wyle, en 't is al verlede—  
'n klippie duikel na benede...  
Waar kom die wekkertjie vandaan?...  
Het d'awendkoeltjie dit gedaan?...

'n Wyle, en 't is al ontroering,  
en al te wrede rus-ontvoering;  
want ope slaan die deksel wat  
ontsluit geheel haar koele skat.

Sy hoor naby en nog van verre  
haar skapies dorstig aan kom blerre;  
sy open mild haar waterfles  
om al wat bler die dors te les.

Dit put maar en sy gee maar immer,  
dit put maar en sy weier nimmer;  
gelyk 'n moeder, so opreg,  
gee sy haar laaste druppel weg!

Straks gaan die skapies almal hene  
en is die putters weer verdwene,  
en niemand dink dan langer om  
haar so vervalde heiligdom.

Haar lewe is soos die moederlewe:  
by ondank immer bly te gewee;  
maar 'k hoor as hul is heengegaan,  
diep-onder tap... 'n watertraan!

---

## **OGGENDSTOND OP 'N BOEREPLAAS.**

O, die oggendstond op 'n boereplaas!  
Daar trek al op die eerste rook.  
Hul het gistraand die vraag beslis,  
wie of se beurt dit môre is  
om ketel te kook.

Die môrester het opgegaan;  
daarbinne roer al een;  
daarbuite bly die rokie draai,  
omdat daar nou geen windjie waai  
deur vroeë môrewêreld heen.

Die haan het op sy beul geblaas;  
hy spring al van sy tak;  
'n mens sal sê dat hy die baas  
(so stap hy) is van werf en plaas,  
en die transport dra in sy sak.

Hom volg sy vrind, die kallekoen,  
'n oue towenaar:  
hy worstel met sy slange, wat  
hy nukrig teken in die pad  
se stof, met duister vlerkgebaar.

Die kraalvee is al moeg gelê;  
hul rek die stramme lywe uit.  
Daar kom die kaffer ook al aan,  
wat kouliek oor die douveld gaan  
en eers die kalwerhok ontsluit.

Sy emmer ruis van pure musiek,  
so vloei dit nou uit volle speen;  
musiek ook vir die kalfie als  
hy kort-kort om sy moeder wals  
op nog onvaste horrelbeen.

Maar kyk hoe staan die osse met  
groot oë na die hek te tuur,  
totdat die sware hinderpaal  
word uit die mikstok uitgehaal,  
waaraan hul saans hul lywe skuur.

Die son gaan op, die vee verdwyn.  
Net in die onverstoorbre vert'  
'n osse-span stap voor die ploeg,  
en agteraan die man wat swoeg  
by 'n rukkerige stert.

Die môre smelt weer met die dou,  
die vrede alleen bly soos dit was.  
Net 'n hen spring van haar eiers af  
met groot geraas, en die brakhond blaf  
vir die enkele kuiergas.

---

## **PERDEKRAAL-LAER.**

Die nag is heen, die môre is grys:  
'n plaat van tente en waens wys,  
waar Perdekraal se steenhoop rys  
teen hoë hange.  
Daar staan hul aan die grond gepënd,  
die geweltjies so mooi orent—

die eie maaksels, tent aan tent,  
in suiwire range.

O Trekkersvolk, my hart ontgloei!  
Ek sien hoe jul die vreemde boei  
verbreek het en het uitgebloei  
tot eie nasie.  
Nie net 'n eie vaderland,  
nie net 'n eie vlag geplant,  
maar alles maak van eie hand—  
geen imitasie!

Hoe lê die tentseil baan aan baan.  
Hoe wakker bly die nokke staan.  
Die klappies netjies oopgeslaan—  
mooi eenheid same.  
Sy staan daar by die wa se as,  
die huis van doek, so lossies-vas,  
skoon nes in môredou gewas—  
'n blanke dame.

Twee witte kappe in die veld:  
'n wa en tent daarnaas gesteld,  
tweeheid tot eenheid saamgesmelt  
in sware stonde.  
Die wa—'n sterke man is hy;  
die tent—'n taaie vrou is sy.  
Jul het die nasie uitgelei,  
sy boei ontbonde.

Lig op haar voet gelyk die ree,  
en trekkend met die trekker mee,  
bied sy hom tog 'n vaste stee  
in angs-geweste:  
as wolkbreek beuk die witte wand,  
die sonstrale op die nokke brand,  
of nagdier sluip oor donker land,  
'n veil'ge veste.

En as sy wa nie verder dring,  
hoor ek by wind haar fladdering  
die lied van boerbeskawing sing,  
stemmig-tevrede.  
Dan word haar seile trou bewaar:  
by feesdag net span sy 'n laer,  
en straal haar seile dankbaar daar—  
van groot verlede.

---

## **DIE VIERKLEUR IS WEER IN GEVAAR.**

Kom burgers, trek die perde reg;  
nou vrou en kind goeien-dag geseg.  
Jongkêrels, los die nôi se hand;  
en seuns, verlaat jul moeders, want  
daar gaan 'n strydrop deur die land!  
Gryp nou die teuels by mekaar—  
die vierkleur is weer in gevaar!

Die regterhand gryp die visier,  
die bors oorkruis 'n bandelier;  
die spore in die sonskyn blink,  
stiebeuels teen mekaar weerklink,  
die ketel aan die saal rinkink.  
Kom burgers, hou nou by mekaar—  
die vierkleur is weer in gevaar!

Laat aan die trippelaar sy pas,  
maar hou die vuurge hengste vas.  
Die agterstes moet ingalop  
tot midde in die ruitertrop—  
die ponie en die bossiekop.  
Kom burgers, ry so by mekaar—

die vierkleur is weer in gevaar!

Trek burgers, almal nou geteld,  
al vort maar deur die wye veld;  
en of jul al omlaag verdwyn,  
of op die heuwels weer verskyn—  
wys steeds die volle slingerlyn.  
Kom burgers, trek so by mekaar—  
die vierkleur is weer in gevaar!

Jaag burgers, jaag oor rant en rots,  
wanneer jul teen die vyand bots.  
Ruk in, spring af en pos gevat  
aan die onverwrikb're ryperd-blad.  
Mik fyn, kyk waar die stoffie spat!  
Staan burgers, staan dan by mekaar—  
die vierkleur is weer in gevaar!

En moet jul val, val dan met eer,  
met d'oog die vyand toegekeer!  
Val op die grense, man en perd,  
die oue vierkleur is dit werd  
en d' eerkroon wink al uit die vert'.  
Val burgers, val dan by mekaar—  
die vierkleur is weer in gevaar!

---

## C. LOUIS LEIPOLDT.

---

### SLAMPAMPERLIEDJIE.

Ek sing van die wind wat tekeer gaan;  
Ek sing van die reën wat daar val;  
Ek sing van ons vaal ou Karooland;  
Van blomme wat bloei by die wal;  
Van water wat bruis oor die klippe;  
Van duikers wat draf oor die veld;  
Van voëls wat daar sing in die bossies—  
Maar nooit nie, nee nooit nie, van geld!

Vir my sing maar liewers van blomme;  
Van al wat die vlei laat verkleur;  
Van al wat die sonskyn laat spartel;  
Van voorjaar en najaar se geur;  
Vir my sing maar liefs van die water;  
Van duikers wat draf oor die veld;  
Van rotse en branders en wolke—  
Maar nooit nie, nee nooit nie, van geld!

---

### OKTOBERMAAND.

Violtjies in die voorhuis,  
Violtjies blou en rooi!  
Violtjies orals op die veld,  
En orals, ai, so mooi!

Dit is die maand Oktober,  
die mooiste, mooiste maand:  
Dan is die dag so helder,  
so groen is elke aand,  
So blou en sonder wolke  
die hemel heerlijk bo,  
So blomtuin-vol van kleure  
die asvaal ou Karoo.  
Dit is die maand Oktober:  
die varkblom is in bloei;  
Oor al die seekoeigate

is kafferskuil gegroei;  
Die koppies, kort gelede  
nog as 'n klip so kaal,  
Het nou vir welkomsgroetnis  
hul mooiste voorgehaal.  
Dit is die maand Oktober:  
die akkerboom is groen;  
Die bloekoms langs die paaie  
is almal nuutgeboen;  
En orals in die tuin rond  
ruik jy sering en roos,  
Jasmyn en katjievering,  
lemoen en appelkoos.

Al was die dag, soos yster,  
lang in die vuur gesteek,  
Die varings in die klofies  
deur hitte geel verbleek,  
Tog as die son daaronder  
agter die berge gaan,  
Dan word oor heel die wêreld  
die mooiste geur geslaan.  
Dit is die maand Oktober:  
die kokewiet is uit;  
Boomsingertjies en kriekies  
die hoor jy orals fluit;  
Fiskaal is op die oorlog:  
daaronder by die sluis,  
Daar is 'n dor ou doringboom  
sy spens en sy kombuis.  
Dit is die maand Oktober:  
ek dink, die mense vier  
Vir ewig in die hemel  
Oktobermaand soos hier!  
Wat wens jy meer as blomme,  
as helder dag en nag?  
Wat kan jy beter, mooier,  
of heerliker verwag?

Ek is nog in Oktober:  
my tuin is nog so groen,  
So wit met al wat mooi is,  
met bloeisels van lemoen,  
So pragtig in die môre,  
so heerlik in die aand!  
Ek is nog in Oktober,  
die mooiste, mooiste maand!  
Wat gee ek om die winter?  
Wat praat jy nou van Mei?  
Wat skeel dit as ons later  
weer donker dae kry?  
Ek is nou in Oktober,  
die mooiste, mooiste maand  
Met elke dag so helder,  
so pragtig elke aand!

Viooltjies in die voorhuis,  
Viooltjies blou en rooi!  
Viooltjies orals op die veld,  
En orals, ai, so mooi!

---

## IN AMSTERDAM.

As ek vanaand so moedersiel  
Alleen hier by die vuurherd sit,  
Dan borrel my geheue op,  
En maak my hart en siel uit lid;

Dan dink ek aan die veld, en aan  
Die doringbome by die krans,  
Waar koggelmannetjies die son  
Hou vir 'n maat om mee te dans;

En aan die duine, waar die wind  
'n Wierook na die see toe waai,  
En aan die dam, waaroor die voëls  
So vrolik in die nessies swaai;

En aan die seekoeigate, waar  
Die kafferskuil en ruigte groei—  
'n Donker groen die water oor,  
'n Tuin, wat nooit nie word gesnoei;

En aan die koppies, waar die son  
Ons Afrikaanse klippe soen,  
En aan ons ou Karoo, so mooi  
in al sy geil Oktober-groen!

In hier—hier waai die wind, en raas  
Die strate om my; karre dreun,  
Die trein daarbuite fluit en rook:  
Dis orals galm, en gons, en steun!

Dis alles oud, so aaklig oud,  
Die wye wêreld om my heen!  
Ag-honderd jare praat met my—  
En tog—ek gril en voel alleen!

Ons kom van hier; ons wieg was hier,  
Of verder, in die suiderland—  
Hier, waar die Watergeuse was,  
Hier, waar die strate is half strand.

Ou Amsterdam, ou Amsterdam,  
Met al jou pronk, met al jou prag,  
Met al jou smeerge strate ook,  
Jy het nog oor my siel gesag!

Ek voel, as ek hier moedersiel  
Alleen so by die vuurherd sit,  
Wat jy nog vir ons nasie is—  
En kyk, my hart kom weer in lid!

Ons nasie? ag, die mense praat:  
Daar lê iets groots in woorde! Wat  
Gee ons die reg om groot te wees,  
Om saam te loop op so 'n pad?

Vir tagtig jare het hul hier  
Gestruikel in die duister rond,  
Die dyke oopgebreek, die see  
Gemaak tot bobaas van die grond;

Die land gedoop met vuur en bloed,  
Die klei vir elke huis deurwerk  
Met trane: so 'n stad sal staan  
Vir ewig—want die klei is sterk.

En elke duim van hierdie land  
Is duur gekoop met suur en smart;  
En elke morges is betaal  
Met stukkies van 'n mensehart:

Dit gee hul reg om trots te wees,  
Dit gee hul reg om nou te pronk,  
Al is dit lang gelede al,  
Al is die see weer in sy tronk.

En ons? ons wil 'n nasie wees!  
Ook agter ons lê vuur en bloed;  
Ook ons het vir ons land gestort  
'n See van trane: ja, dis goed!

Maar verder—wat? 'n Nasie word  
Nie somaar soos die koring groot;  
Dit moet deur werk, deur vlyt, deur smart,  
Deur lewe ook word voortgestoot.

En as ek by die vuurherd sit  
En in die vlamme kyk, dan voel  
Ek in my siel, daar skort nog iets—  
Nog iets? nog iets?—'n hele boel!

Daarbuite spook die wind weer hard;  
Die vensters skudde: wat 'n nag!  
Ou Amsterdam, ou Amsterdam,  
Jy het nog oor my siel gesag!

---

**IN DIE KONSENTRASIEKAMP.**  
**(ALI WAL NOORD, 1901)**

O, pazienza, pazienza che tanto sostieni!  
DANTE.

Jou oë is nat met die trane van gister;  
jou siel is gemartel, deur smarte gepla;  
Van vrede en pret was jy vroeër 'n verkwister;  
En nou, wat bly oor van jou rykdomme? Ja,  
'n Spreekwoord tot steun—daar's geen trooswoord beslister:  
„Geduld, o geduld, wat so baie kan dra!”

Hier sit jy te koes teen die wind, wat daar suie  
Yskoud deur die tentseil, geskeur deur die haal—  
Jou enigste skuil in die nag teen die buie;  
Die Junielug stort oor die stroom van die Vaal—  
Jy hoor net die hoes van jou kind en die luie  
Gedrup van die reëndruppeltjies oor die paal.

'n Kers, nog maar anderhalf duim, voor hy sterwe,  
Brand dof in 'n bottel hier vlak naas jou bed.  
(’n Kafhuis gee makliker rus: op die gerwe  
Daar lê 'n mens sag, en sy slaap is gered!)  
En hier in die nag laat jou drome jou swerwe  
'n Aaklige rondte met trane besmet.

Hier struikel die kind, wat te vroeg was gebore;  
Hier sterwe die oumens, te swak vir die stryd;  
Hier kom 'n gekerm en gekreun in jou ore;  
Hier tel jy met angs elke tik van die tyd;  
Want elke sekond van die smart laat sy spore  
Gedruk op jou hart, deur 'n offer gewyd.

En deur elke skeur in die seil kan jy duister  
Die wolke bespeur oor die hemel verbrei;  
Geen ster skyn as gids; na geen stem kan jy luister—  
(Eentonig die hoes van jou kind aan jou sy!)  
Wat sag deur die wind in jou ore kom fluister:  
„Geduld, o geduld, wat so baie kan ly!”

Vergewe? Vergeet? Is dit maklik vergewe?  
Die smarte, die angs, het so baie gepla!  
Die yster het gloeiend 'n merk vir die eeue  
Gebrand op ons volk, en die wond is te na,  
Te ná aan ons hart en te diep in ons lewe—  
„Geduld, o geduld, wat so baie kan dra!”

---

**AAN 'N SEEPKISSIE.**

Hulle het jou in England gemaak, seepkissie,  
Om hier in ons land as 'n doodkis te dien;  
Hulle het op jou letters geverwe, seepkissie,  
En ek het jouselwe as doodkis gesien.

Klein Jannie van ouboetie Saarl, seepkissie,  
Het hier in die kamp met sy sussie gekom—  
En jy was bestem, soos jy weet, seepkissie,

Daar oorkant in England as doodkis vir hom!

Klein Jannie van ouboetie Saarl, seepkissie,  
Was fluks en gesond, vir sy jare nog groot;  
Maar hier in die kamp, soos jy weet, seepkissie,  
Was hy maar drie weke, en toe—was hy dood!

Onthou jy vir Jannie? Jy weet, seepkissie,  
Hy het in sy speletjies met jou gespeel;  
Die son het sy krulkop geskilder, seepkissie,  
So blink as sy strale, as goud so geel.

Op die Vrydagmôre, onthou jy, kissie,  
Het Tannie gesê: „Ag, klein Jannie die hoës!”  
En die Vrydagaand, soos jy weet, seepkissie,  
Was Jannie se lewe al half verwoes.

Hulle het jou op Saterdagmiddag, seepkissie,  
Gedra na sy tent as 'n doodkis daar!  
Die wit gesiggie—jy weet, seepkissie,  
Die handjies gevou en gekruis oormekaar.

Hulle het jou in England gemaak, seepkissie,  
Om hier vir ons kinders as doodkis te dien:  
Hulle het vir jou lykies gevinde, seepkissie,  
En ek het jouselwe as doodkis gesien.

---

## DIE OU BLIKKIE.

Wat is die ding, wat jy daar hou?  
Wat droom jy oor 'n blikkie, vrou?  
'n Armsalige ou blikkie?  
Wat is die ding tog nou vir jou?

„Ek wil hom skoonmaak, dat hy blink  
Soos silwer in die sonskyn: dink,  
Die armsalige ou blikkie,  
Daaruit het Gert en Griet gedrink.

„Ek wil hom met die grond hier vul,  
Hier, waar die suring bloei so gul,  
Die armsalige ou blikkie:  
Miskien kan ek my droefnis kul.

„Ek wil daarin 'n plantjie plant,  
Wat groei aan Griet haar graf se kant:  
Die armsalige ou blikkie  
Was vasgeklem in Griet haar hand.

„As ek so in die sonskyn sit,  
So blou die hemel bo, so wit  
Die armsalige ou blikkie,  
Dan droom ek weer oor dat en dit:

„Ons konsentrasiekamp is daar;  
Die oorlog word ek weer gewaar—  
Ag, armsalige ou blikkie,  
Waarom het God ons nie gespaar?

„Was Gert en Griet nie heel my hart?  
Die plaas is afgebrand en 'swart—  
En jy, armsalige ou blikkie,  
Herinner my nog aan my smart.

„Ons kan die plaas weer opbou: ja,  
Jan het al geld op leen gevra;  
Maar, armsalige ou blikkie,  
Kan Gert en Griet my ooit weer pla?

„Daar in die konsentrasiekamp,  
Daar in ons aaklige oorlogsdamp,  
Ag, armsalige ou blikkie,



Daar is hul lewe uitgestamp!”

Vergeet wat jy gely het, vrou:  
Ons is weer vredevrinde nou!  
Die armsalige ou blikkie,  
Wat is die ding tog nou vir jou?

„Dit laat my dink aan Gert en Griet:  
Al is dit ’n gebroke riet,  
die armsalige ou blikkie  
Is anker teen my sielsverdriet.

„Die plantjie, wat hierin sal groei,  
Sal elke jaar opnuut weer bloei,  
Ag, armsalige ou blikkie,  
Al is my trane opgeskroei;

„Want ek het nog ’n traan gespaar,  
Nog ’n paar sugte opgegaan,  
Om, armsalige ou blikkie,  
Jou plantjie veilig te bewaar.

„As ek vanaand my kers uitblaas,  
Dan werp die maan ’n silwerwaas  
Oor jou, armsalige ou blikkie,  
En oor ons afgebrande plaas.

„Ek luister; en dit skyn vir my,  
Klein Gert is weer hier aan my sy  
By jou, armsalige ou blikkie,  
Om weer ’n slukkie melk te kry;

„En Grietjie staan daar by die deur—  
Ja, kyk, haar voorskoot is verskeur!  
Ag, armsalige ou blikkie,  
Hoe kan ek eensaam wees en treur?

„Die dood het albei weggehaal;  
Ons plaas is afgebrand en vaal;  
Maar, armsalige ou blikkie,  
My hart is nog nie net so kaal.

„Solang jy op die vensterbank  
Hier by my staan, so skoon en blank,  
Kan ek, armsalige ou blikkie,  
Nog stil wees en vir God nog dank,

„Dat Hy, toe daardie oorlogsdamp  
My kinders altwee in die kamp,  
Ag, armsalige ou blikkie,  
Die lewe so het uitgestamp—

„Nog in my hart het hoop gegee,  
Dat ek bedoord was in my wee,  
Ag, armsalige ou blikkie,  
Te dink, ek sien hul weer, altwee!

„Met jou het Griet en Gert gespeel,  
En ek het nog in jou ’n deel;  
Ag, armsalige ou blikkie,  
Laat ek my maar nog iets verbeel!

„Verbeelding—dit is alles nou,  
Wat ek nog het: laat my dit hou!  
Ag, armsalige ou blikkie,  
Jy is my anker teen die rou!”

---

## JAPIE.

Vanmôre was Japie nog hier:  
Vanaand is hy dood!  
Met ’n lag om sy mond het hy bruilof gevier

Met 'n klein brokkie Engelse lood.

Vanmôre was Japie by my:

Vanaand is hy—waar?

As 'n mens maar kan weet waar hy eindlik sal bly,

Wie het dan vir die toekoms gevaar?

Vanmôre was Japie my maat:

Vanaand is hy—wat?

Sal hy nog met my lag, sal hy nog met my praat,

Of my hand in die syne weer vat?

Vanmôre was Japie 'n kind:

Vanaand is hy volleerd!

Ons het baie gestry om die waarheid, ou vrind:

Weet jy nou, wie van ons had verkeerd?

Vanmôre was Japie—nee God!

Hy is nog vir my!

Want die dood kan nie skei nie, al is dit ons lot

Om alleen op die wêreld te bly.

---

## **DIE VERKLEURMANNETJIE.**

Daar op die vyeboom sit die vabond,

So sedig as 'n predikant;

Maar glo tog nie dat hy so vroom is:

Nee, regtig nie, hy is astant!

As jy hom aanraak, dan verkleur hy:

Geel, rooi, grys, bruin en blou en groen;

En sy hele vel blink soos die skulpies

Se binnekant met perlemoen.

So teemrig sit hy op sy takkie

Die muggies met sy tong te vang,

En met sy ronde oë maak hy

Die spinnekoppe algar bang.

Hy draai sy nek soos 'n toktokkie,

Of soos 'n papie uit die klei,

En kyk so sedig na die vliegies

As hy die goed nie beet kan kry.

Arrie, ek hou van jou, kleurklasie!

Jy gaan jou lewe deur so mooi,

Jy steur jou nie aan wat die mense

So praat of skinder en flikfloi.

Jy steun op niemand nie, kleurklasie,

Net op jou takkie en jou tong:

Verkleur maar môre net soos gister,

En as jy oud word, bly nog jong!

---

## **DIE VOORTREKKER SE VAARWEL.**

O vaderland, verlate vaderland;

O akkerboom en ranke wit poplier

Wat my ou plaas versier,

Daar deur die voorgeslag geplant,

Nou lomm'ryk oor my vaderhuis;

Koel skadu-takke oor die sluis

Waar na die oes die meulstroom bruis—

Vaarwel, o akkerboom en wit poplier,

Vaarwel, verlate vaderland!

O blomtuin vol met tiemie en blou violet,

O vrugboom-oord en stinkhoutpaal-prieel,

Waarom die bye speel

En heuning haal en brom uit blote pret;  
Waar druiverank geklouter stryk,  
Tot boontoe teen die gewel reik  
En tussen klimop-rose pryk—  
Vaarwel, o vrugboom-oord en ou prieel,  
Vaarwel, o tiemie en blou violet.

O ouerhuis met kafhok en met kraal,  
O platklipstoep en grasbegroeide brug,  
Waar saands die paddas sug,  
As in die skemerlig vuurvliegies dwaal,  
En die aandblomme oopgaan en die nag  
Sy sluier werp oor hierdie plaas se prag,  
En oor die wêreld bo die sterre wag—  
Vaarwel, o platklipstoep en biesiebrug,  
Vaarwel, o huis en kraal!

Ons gaan die wêreld in  
'n Nuwe oord te win,  
'n Nuwe land te kry  
Waar ons kan lewe vry.  
Vaarwel, vaarwel, al is geen weersien meer;  
Vaarwel, en nog 'n keer:  
Vaarwel! vaarwel! vaarwel!

---

## DIE VLAKTE.

Waar die koorsboom sy geel aan die wêreld vertoon,  
O wyd is die vlakte, die vlakte!  
En geil is die groei van sy katdoring-kroon,  
Wat groei op die vlakte, die vlakte.  
Dis wilde boslommer, berank en beboei,  
Met geilste klimop in geen jare gesnoei,  
Waaronder die blou apies klouter en knoei,  
Die volk van die vlakte, die vlakte!

Die rooi-geel suurknolle pryk somermaand daar,  
O mooi is die vlakte, die vlakte!  
Die trotsige alwyne, deftig geblaar,  
Wat waak oor die vlakte, die vlakte!  
Die heuningsoet peuldoring, die varings so slank,  
Die bontblom wat orals die bosse oorrans,  
Die moepel waarin die boomsingertjies tjank,  
Hul waak oor die vlakte, die vlakte!

O plat is die pad wat hier slinger en sluip,  
Dwars deur hierdie vlakte, die vlakte;  
En sag is die mos wat met reënwater druipe  
Hier neer op die vlakte, die vlakte!  
O pragtig die kleur wat die skemeraand spreid  
Oor bosveld en grasveld, oor bulte en vlei,  
En pragtig die groen wat die wêreld hier kry  
By nag op die vlakte, die vlakte!

Die klowe is steil en die berge is hoog,  
O gee my die vlakte, die vlakte!  
Al is dit ook winter en alles is droog,  
En geel op die vlakte, die vlakte.  
O hier is dit vry en die wêreld is stil,  
Met nêrens 'n weerklank, met nêrens 'n gril;  
En weelde van kleure so veel as jy wil,  
Hier op my ou vlakte, die vlakte!

---

## BY BLOUKRANS.

Die koperkapel kom uit sy gat  
En sluip die randjie rond:  
„Dit het gereën; die veld is nat  
En nat is die rooi-geel grond”

Die meerkat kom en sy ogies blink,  
En hy staan orent en wag,  
En die stokou ystervark sê: „Ek dink  
Die reën kom weer vannag”  
Maar die geitjie piep: „Dis glad nie reën,  
Dis klewerig, swart en rooi;  
Kom jy sulke reën in jou lewe teen  
So glad, so styf, so mooi?”  
En die wys ou steenuil waag sy woord:  
„Dis bloed, dis mensebloed.  
Dis lewensbloed wat ongestoord  
Ons bossiewêreld voed.”

---

### **WOLRAAD WOLTEMADE. (Fragment).**

Vorentoe, vorentoe, strand toe, strand toe,  
Bolemakiesie die branders oor!  
Vorentoe, vorentoe, land toe, land toe!  
Amper verdrink, en half versmoor!  
Die water suis, en gis en bruis,  
Die weerlig vlam die see,  
Die lang seebamboes buie en breek,  
Die wilde branders slaat en steek,  
Die woeste wind speel mee.  
Groen, donkergroen soos skemergroen  
Nog voor die sterre blink,  
Of soos die varkblomloof geboen  
Deur dou wat dagbreek skink;  
Blou, donkerblou soos wolke-blou  
Waar in die donder stoom,  
Of soos diep water in 'n kloof  
Waar nag nog altyd droom—  
So is die see tot aan die lyn  
Waar see en lug kom trou,  
Hieronder donkerblou en groen,  
Daarbowe groen en blou.  
En as die wolke swig, dan breek  
Die slinger-bliksem los,  
En see en hemel word ineens  
In goud en glans gedos.  
En oor die kraak van branders knal  
Die donder oor die see  
Tot Tafelberg se kranse dreun  
En Duiwelskop dreun mee.  
Die laaste af! Die mense roep  
„Daar is nog ander daar!”  
Die water dreig, die skimmel hyg,  
Wie trots die doodsgevaar?  
Nie jy wat praat, nie jy wat bid,  
Nie jy wat staan en bewe!  
Dis Wolraad weer wat nog 'n keer  
Die Dood se woeste mag trotseer  
Met wat hy het -sy lewe.  
Kom op, ou skimmelhings, kom op  
Nog eenmaal deur die see,  
Nog een gered, dan kan jy rus—  
Nog eenmaal deur die see!  
Die buikgord vaster vasgegesp,  
Dan weer die branders in,  
Die skuim en seegras deurgeswem  
Om vorentoe te win.  
Die hoë branders deur, ou maat,  
Swem skip toe, skimmel, swem!  
Daar in die verte lê die skip  
Waar die lantern glim.  
Dis pikswart donker oor die see;  
Die wind die gaan te keer.  
'n Bliksemstraal maak silwer-blink  
Die bokant—daar 's hy weer!  
En dan weer in die donker weg.  
Ons hou ons asem; ag

Van hings en ruiters niks te sien,  
En orals net die nag!  
Maar weer 'n bliksemstraal se lig  
Wys Wolraad by die skip,  
Wys hoor sy stem: „Net één maar, één!”  
Nog voor die lig verglip.  
'n Sarsie uit die wolke bars  
En dreun die wêreld deur,  
Die weerlig verf die hele baai  
Met goud en silwer kleur.  
'n Tikkie tyd wat ure skyn,  
Genoeg om te gewaar,  
Hoe om die held die mense woel,  
Hoe oor die skip die branders spoel,  
Hoe nà die doodsgevaar.  
Maar ag, die dof lanternskyn  
Word deur die see geblus,  
En skip en skimmelhings verdwyn  
In duister nag gesus.  
'n Aaklige tyd voor weer die blits  
Die oog 'n kans kan gee,  
En ag, dan wys dit net die skip  
En net die woeste see.  
Daar is geen spoor van held of hings,  
Die Dood het weer gewin,  
En gierig, gulsig oor die strand  
Bruit weer die branders in.

---

### OP MY OU RAMKIETJIE.

Op my ou ramkietjie,  
Met nog net een snaar,  
Speel ek in die maanskyn,  
Deurmekaar.

Ek sing van Adam  
En Eva se val,  
Van die ou Paradys—  
„Halfpad mal!”

So sê die mense  
Wat my hoor speel.  
As die skemer my wang soen  
Soos ferweel;

As die maan my aanhoor,  
En die sterre knik,  
Dan speel ek kordaat voort,  
In my skik.

Wat gee ek om mense  
Wat sê ek 's mal,  
As die varings my aanhoor  
By die wal?

Wat om my vriende—  
Wat nooit nie verstaan—  
As die sterre my toeknik  
En die maan?

Op my ou ramkietjie,  
Met nog net een snaar,  
Speel ek in die maanskyn,  
Deurmekaar.

---

### INSULINDE.

Mirakelland van oerwoud en vulkaan,  
Ek groet jou in jou glorie! Elke teug

Van die koel suidewind hernu my jeug,  
En maak my amper kind weer, en verslaan  
'n Dampwolk van gedagtes en die waan,  
Dat net maar in die Wes die lewensvreug  
'n Weerklank vinde, en dat trou en deug  
Alleen kan bloei in lande, waar die maan  
Oor louter ys en wit kapok sy glans  
Op wintermôres werp. Ag, ek gewaar  
My liefde groei tot byna bo verstand!  
Ken ek nie meer my eie koppie en krans,  
My boland-vlak van Beaufort tot die Aar?  
Leen dan vir my 'n nuwe Vaderland!

---

### AAN MULTATULI.

Kind van die noorde-wêreld, waar die kou  
Van winter weerga vinde in 'n volk  
Wat kalm bly as jy kokend is, en flou  
En nie jou taal verstaan nie sonder tolk!  
Die warmer Ooste, waar die son ontstaan,  
Het jou tot man gemaak, en van jou hart  
Die ysgekorste kettings afgeslaan,  
En jou geleer daar lê ook vreug in smart,  
En in ellende grootsheid! Ek, as een  
Met wie die Ooste ook gepraat het, gee  
Hier waar Adinda's spook by maanlig ween  
Oor Saidjah's graf in eensaam stille wee,  
My huldegroet aan jou as blyk daarvan—  
Apostel, hoëpriester, lyder, Man!

---

### DIE BESTE.

Geil lusern in die laagste landjie,  
Geil groen blare en blomme blou,  
Alwyn rooi op die voorste randjie,  
Rooi soos bloed teen die rotse grou;  
Somer en son en safier daarbowe,  
Ruik van die keurbos rondgesprei,  
Kort klein skaad'wees oor die klowe;  
Somer en son en safier vir my!  
Wonder van kleure uitgesprei—  
Wat is daar meer wat die dood berowe?  
Somer en son en safier vir my!

Hoog oor die water skommel die vinkies,  
Vol van die vreug van die somerdag;  
Bly die gekwetter van klein tinktinkies,  
Blyer die son wat goudgeel lag.  
Algar wat lewe, algar tevrede,  
Hoog op die heuwel en laag op die vlei;  
So was dit gister en so is dit hede,  
Somer en son en safier vir my!  
Heer, wat die hemel oor my sprei,  
Dit is my eerste en laaste bede:  
Somer en son en safier vir my!

Het jy 'n vrind wat jou hand kan vashou?  
Vrind vergaan en faal in nood!  
Het jy 'n vyand, jou grootste las nou?  
Vyande, vrind gaan algar dood!  
Wat 's dit vir my as die gras vergrys word?  
Somer aal kom met sy groen daarby.  
Wat as in winter die water ys word?  
Somer en son en safier sal bly!  
Boetie, ek vra jou: wat sê jy?  
Wat 's dit vir ons as die gras vergrys word?  
Somer en son en safier sal bly!

Roem van mense, rykdomme, pragte—

Alles vergaan soos die mis op die vlei;  
Sterre wat skiet in pikdonker nagte,  
Het langer lewe dan roem kan kry.  
Boetie, as ons nou 'n keus moet wae  
Hier op die wêreld, wat vra jy?  
Roemryke lewe en lengte van dae?  
Somer en son en safier vir my!  
Boetie, as jy nou jou keus kan kry,  
Wat is die wens wat jou hart sal wae?  
Somer en son en safier vir my!

---

## D. F. MALHERBE.

---

### DIE LIED VAN DIE NAGWIND.

Ek lê op my bed, so onrustig—  
dis middernag lank al verby;  
en ek hoor hoe die nagtlike koelte  
deur eike en denne sig sprei.

Dit ruis nes die siltige waters,  
wat daar skuif oor die sandige strand,  
gehoor deur die wandelaar van verre,  
wat seewaarts hom haas oor die land.

O nagwind, o nagwind, kom sê my,  
wat spreek tog jou ruisende lied?  
Vertel jy 'n tyding van liefde?  
Bring jy vrede of wee en verdriet?

Dit is my of duisende stemme  
van mense reeds lang weggekwyn,  
vermeng met jou ruisende sugte  
hul eggo van droefheid en pyn.

Die voorsang van duisende wesens,  
nie-gebore, vertolk my jou sug,  
die lied van hul komende weedom  
die dra jy so sag deur die lug.

O nagwind, ek hoor maar deurgrond nie  
jou klaende, suisende sang—  
my harte klop sneller en sneller,  
my kinderlik harte word bang!

---

## AWENDBLIK.

Oor ver, verre lande;  
oor blou, bloue rande  
sien ek vliesige wolkies verspreid—  
oor hoog, hoë gronde  
sag gewieg, ongebonde—  
die lug welf so blou en so wyd.

Oor ver, verre lande,  
oor blou, bloue rande;  
deur die aandson se strale beskyn,  
sien ek vry, ongemete  
ongemerkt en vergete,  
die wolkies so stil-stil verdwyn.

Nes die vlugtige beelde  
van die sterwend vergeelde  
wolke, in die lugte verspreid,  
so sink daar geslagte  
soos 'n vlieënde gedagte

in die eindlose ruim van die tyd.

---

## NA DIE DROOGTE.

Gestil is ons klae,  
die droewige dae  
  van wanhoop en wee is verby;  
die blinkende komme  
en geurende blomme  
  bedek nou die vlakke en vlei.

Langs eensame hutte  
en stofdroë putte  
  woel nou weer mense en vee;  
aan damme en kolke  
het die loodsware wolke  
  hul stromende gawe gegee.

Weer beur uit die gronde  
die grassies ontbonde,  
  van hul sluimerende broeislaap bevryd,  
en sprei oor die sande,  
om kaal-nare rande  
  'n groenende, sagte tapyt.

Die kaal afgesnoeide  
en deur sonbrand verskroeide  
  bossies die spruit alweer mooi,  
en die saadjies die vul weer,  
die blaartjies die krul weer,  
  deur die sonlig se strale genooi.

Die westewind streel weer,  
die westewind heel weer  
  die wond, wat hy ru het geslaan;  
en sy luggie die swewe,  
bring lus en bring lewe  
  o ver soos die hooglande gaan.

In die veekraal se kaalte,  
langs die voetpad se vaalte  
  woel die kalwers op huppelende gang;  
en daar ver uit die vleie,  
waar die skaaptroppe weie,  
  kom die stygende lammergesang.

In hul soekende vrae,  
in hul angstige klae  
  meng sig dof die moeder-gekreun;  
en dit swel tot akkoorde  
in die eensame oorde,  
  wat swaar en stadigies dreun.

Hoor die lied van die velde,  
wat die skape vermeldede,  
  as die môreson hulle beskyn!  
Hoër geswewe,  
bo rande verhewe,  
  versterwe die sware refrein.

My harte juig mede  
en my dankbare bede  
  word één met die skape se lied;  
en saam klim na bowe  
om die Skepper te lowe,  
  ons lofsang na swaar en verdriet.

As die vrolik en blye  
gansies in rye  
  so glad oor die watertjies gly,  
en gesels so plesierig  
en snap weer so gierig



na kossies, orals gesprei;

as die doodsheid verby is,  
kos volop te kry is  
en die voëltjies weer lewendig sing;  
as die vlak in sy weelde  
sy ryker bedeelde  
gawe aan wat lewe, kom bring:

dan herleef ook my harte  
deur geen kwelling, geen smarte,  
geen donkere beelde gedruk;  
en vry soos die winde,  
deur geen bande te binde,  
styg my siele en droom van geluk.

Verby is ons klae,  
die droewige dae  
van wanhoop en wee is verdwyn;  
en 'n luggie die swewe,  
bring lus en bring lewe  
so ver soos die hoogvelde dein!

---

### **DIE ROOSKNOPPIE.**

Daar onder in my tuintjie,  
daar staat 'n boompie teer;  
daaraan sit net één knoppie—  
één roseknop, nie meer.

Elke aand en elke môre  
gaan ek die knoppie kyk;  
die hoop straal uit sy ogies—  
hy sal as rosie pryk!

Die stormwind is gekome,  
die takkie afgeskeur,  
die blaartjies is verlep al—  
die knoppie geel gekleur!

Ek sien so menige knoppie  
in die wêreldgaarde groei;  
die hoop straal uit die ogies—  
maar ag,—geen rosie bloei!

---

### **O LANDE VOL GRAAN.**

Vlakte aan vlakte, oor heuwels heen,  
lande vol groen, vol golwende graan!  
Breed sprei die sonlig sy stralende seën  
oor swellende saad met beloftes belaan.

Aan miljoene, miljoene van buiende blaar  
hang die windjie se asem in ruisend gesweef...  
hoor die sug van verlange uit die swellende aar,  
die stem van die lente wat sê: *ek wil leef!*

Verlange wat groei met die stygende son,  
verlange om te ryp tot goudgeel prag—  
so sterk soos die drang van 'n borrelende bron,  
om te beur uit die aarde na die lig van die dag.

Die stem van die wind oor die halmgekoes,  
halms nog groen van jong geluk—  
is die siddering van hoop op die somer se oes  
as die waens sal kraak van die gerwe se druk.

So ver as my oog oor die buiende blaar  
kan wei, staan die grond met groenheid oorlaan;

en my siele wieg mee met jul spelend gebaar—  
o belowende, lewende lande vol graan!

---

## **DIE SEE IS VOL VAN EWIGHEID.**

Die see is vol van ewigheid,  
van golwedeyning op en neer—  
tot wiegelwêrelde uitgespreid,  
op maat van eindloos kom en keer.

Uit watergraftes diep gedolf,  
rys langvergete mensewee;  
die winde dra van golf tot golf,  
van golf tot kus die treursang mee.

Die see is vol van klaaggeluid,  
van stemme wat geen rus kan kry,  
van siele wat eeu-in eeu-uit  
in smart-herhaling hooploos ly.

Oor waterwydtes om en om  
tot marmerrand van verre kus—  
ruis daar van oos tot wes, alom,  
'n eeuesang van nimmer-rus.

Die golwe kom, die golwe keer,  
in vrolike spel van sonne-lus,  
in pikswart nag van stormeweer—  
en sing hul lied van nimmer-rus.

Daar 's ewigheid in seegeluid,  
in ver gedreun van kus tot kus—  
waar golwe wieg eeu-in eeu-uit  
op maat van nimmer-nimmer-rus.

---

## **SLAAP.**

Wat is die slaap 'n wondersoete ding!  
Sag op haar bloue oë daal die vaak,  
soos maneskyn diep waterkuile raak  
om daar te droom in silwer skemering.  
Vir laas beef oor haar lippe 'n fluistering:  
„Nag, Pappie.” Ek merk, hoe langsaam hy genaak,  
wat drome soet tot werklikhede maak....  
in vaderarme rus my lieweling!  
Sluit so my oë, God, wanneer vir my  
U Engel wink ter laaste, lange rus  
en ek van wilde woeling hier moet skei;  
dat my dan soete drome huistoe sus  
en sterke Hand deur duisternisse lei....  
Sluit so my oë, God, as ek gaan rus!

---

## **H. H. JOUBERT.**

---

### **DIE TREK DRAKENSBERG AF.**

Die reuse-top rys hoog uit bo die wolke  
en tronend siet op wasige oorde neer.  
Daaronder gaap die grondelose kolke,  
ombruisd met golwe van een lowermeer.

Daar skram en skuur die duisend wae-wiele  
en sukkel knarsend oor die klippe heen,  
dog liewend wieg 'n duisendtal van siele—

hul troue troos by rouklag en geweën.

En steen op steen skuif klotsend langs die wande  
en spring die duiselende steiltes af,  
om diep en stil in donk're oewersande  
hul rus te vinde in 'n eeue-graf.

Die eggo's rommel deur die diepe klowe;  
die sku' bewoners van geheime woud  
verstom en tuur in bewing heen na bowe,  
besorgd om hulle skoon kasteels behoud.

---

## **DINGAAN SE GESANTE DOEN RAPPORT AAN HOM.**

Koning, O! koning, die witmense stroom  
in duisende, duisende, duisende aan.  
Die swierige bos en die tronende boom  
word gemartel, vermorsel, vermink op hul baan.

Hul withuise skommel en rommelend rol  
en vergruisel die gras tot verstuiwende stof.  
Die buiende velde van lewe is vol,  
maar geen stroompie murmel 'n liedjie van lof.

Koning, O! koning, Silkaats is verslaan;  
op sy magtlose ryk rus die doem van die dood.  
Selfs die olifant buk voor die taaie tiraan.  
O! koning, ontwaak, daar's gevaar, daar is nood.

Die witmense steier op perde geswind,  
deur die duikende dal tot die berge hul kam.  
Geen mag kan weerstaan hulle wrede bewind,  
geen assegaai staan teen hul kwaaië mabam.<sup>[5]</sup>

Koning, O! koning, die berge die beef  
en die klowe weerklink met 'n vreemde gesang;  
die dale die wemel, die velde die leef,  
en alomme verbrei sig een vreemde gedrang.

Ruk aan met die Skilde, die Wildebees-skilde;  
ruk aan met die fleur van u vegtende mag;  
ruk aan en stort met 'n woeste, 'n wilde,  
'n vernielende sprong op die tiraangeslag!

[5] Geweer.

---

## **OP DIE LAERS AANSWERWENDE SOELOE-HORDES.**

Lang  
soos een slang  
op sy kronk'lende gang  
lê Toegela en wag  
op die koms van die dag.  
Teen sy oewers slaat  
hy op onrustige maat,  
met 'n voorgevoel van onweerstaanbare kwaad.

Want wyd  
en vèr in die duister verspreid,  
dool sluipende hordes om en om—  
'n hygend-voortduwende dreiende drom  
van ontsenuwende lis en onrus,  
van onmenselike graagte en lus.

Fel,  
as in knaende boeie geknel,  
brul Toegela, in woedende worstelende stryd  
met duisende wreedaards, tot slagting bereid,

wat waag hul te werp in sy waters verbolge,  
(en menige beul word na verdienste verswolge)  
om heen te dring na sy owerkant  
en rouklag te kweek oor die rustige land.

Breed,  
in onbreekbare eenheid gesmeed,  
dy die draers van droefheid en leed  
(’n arglistig-voortstuiwende stroom)  
oor die velde, in dooierige droom.

---

### **MOEDERS SKAT.**

Trippel-trappel op en af  
oor die kamervloer!  
Mammies skatlam skaterlag—  
wat ’n wild rumoer!

Heidaar! Opsy daar!  
Babsie storremjaag  
na die arrems wyd van mammie—  
dis ’n grote waag!

Handjies-klappies op die stappies  
van die voetjies kaal!  
O, die vonkies van die lonkies,  
wat van ogies daal!

O, die brabbelbrou-gebabbel  
klink soos melodie  
allerskoonste, allerboënste  
engele-oord ontvlie!

Tere snare roer sy bare,  
bolle handjies aan.  
Plompe pootjies, lompe lootjies  
lief en lokkend staan.

---

### **LENTE-OGGEND. (Op die Boereplaas).**

Maagde-mooie dag  
kus die heuwels, groen.  
Lowervelde lag,  
son- en dou-gesoen.  
Diepe dale staan bly in lente-drag.

Op die berge vloei  
in die oggend vroeg  
goud. Die osse stoei  
vóór die boer se ploeg.  
In die boer se krale koeie en kalwers loei.

Heen die bokketrop  
kronkel, wit soos melk,  
teen die hange op.  
Lente-mal is elk,  
Lente-lote pluk hul op ’n klein galop.

Wye watervoor  
op die ertjie-land  
raak in groen verloor.  
Water staat aan brand  
tussen ertjie-blomme in die sonnegrloor.

Koringvelde vol,  
swaar en ryk van aar,  
soos die seë rol,  
soos die see vergaar

sonne-goud en tinte op hul boesem, bol.

Vrolike mossie-skaar  
(Skoon die oggenddou  
lê op steel en blaar)  
klim die hemelblou,  
skou die vlam-juwele tussen groen, van daar.

In die vroeë bos  
wilg en populier  
staan in lente-dos,  
sonnegoud versier.  
In 'n sang van vreugde bars die vinke los.

Die plante-wêreld stoei  
uit sy winter-droom.  
Nuwe lewe broei  
op die sonne-stroom.  
In die boer se are nuwe lewe vloei.

---

## DONDERWEER.

Verlate staan ek, stil en heel alleen,  
en diep versonke in 'n vèr gedagte.  
Die nag se duister is soos die swart vereen,  
van tienmaal duisend maan-verlate nagte.

Toe breek die onweer met sy donderkragte  
en vure los en slaat die nag wat ween,  
wyl hewig stoei in styf verset, as wagte  
van haar, die denne aldeur haar trane-reën.

Ek skrik—beklem, ontroer deur al die stryd,—  
maar weldra wentel daar deur wolke-rete  
'n sterre-heir en strooi 'n vrede-gloor

oor eensame woning en oor velde wyd.  
Stil lê die Heelal, groot en ongemete,  
geheime-swanger, in sy eeue-droom verloor.

---

## DAGERAAD.

Die daagraad kruip die dieptes uit,  
uit stille nag gebore,  
en vleg 'n krans van pêrelglans  
om slape van die môre.

Hy sweef op goue vleuels aan  
en ry op wolke-some:  
Daar 's glimlag op die bergery,  
daar 's blydschap in die strome.

Hy skuif die wolle deken weg  
van bergekruin en hange  
en wek, so doend, 'n weelde-blos  
op bolle rotse-wange.

Hy lig die woud-paleise op,  
en vul hul lommersale  
met vreugde-sange, wyd verbrei  
deur klowe en oor dale.

Die velde bloos 'n maagdeskoon,  
ontwaak uit lente-drome—  
daar 's glimlag op die bergery,  
daar 's blydschap in die strome.

---

# C. J. LANGENHOVEN.

---

## MY ONHERROEPLIKE KINDERDAE.

Ek sou nie graag my lewensweg  
'n Tweede maal vervolg, want reg  
Sou ek hom tog nie kry; en wat  
Daar skoon en lief was op my pad  
Kan die herhaling my laat mis.  
Maar as ek iets terugwens is  
Dit, dat ek by my ouderdom  
My kinderhart weer mog bekom—  
Met fleur van lus en geur van smaak,  
En groot belang. in kleine saak,  
En goue traan en gou weer af,  
En grote vrees vir kleine straf,  
Maar steeds herhaalde stoutigheid!  
Og, had ek weer die sondigheid  
Van sondaartjies, onskuldig rein:  
Og, was ek weer as sondaar klein!

---

## BESIT EN GEBRUIK.

Jou krag beteken niks: 'n perd het meer as jy,  
Maar jy kan dit gebruik om hom te tem en ry.  
En jou geduld is niks: 'n donkie 't meer as jy,  
Maar jy kan dit gebruik wanneer jy met hom ry,  
Jou kennis is ook niks: 'n boek het meer as jy,  
Maar jy kan dit gebruik om meer nog by te kry,  
Ervaring dan? 'n Swerweling het daarvan meer as jy,  
Maar jy kan dit gebruik om swerflingskap te my.  
Bekwaamheid? Daar is mense meer bekwaam as jy,  
Wat graag vir hul bekwaamheid 'n lewenstog sou kry.  
Besit van gawe nie, maar die gebruik daarvan  
Gee aanspraak op die naam van 'n begaafde man.

---

## MY EIE-EK.

My vyand haat ek nie omdat  
Dit *hy* is wat ek haat:  
Ek haat, verafsku hom omdat  
Dit *ek* is wat hom haat.  
Ek het my vriend nie lief omdat  
Dit *hy* is wat ek min:  
Ek het hom lief ter wille van  
Die grille van my sin.  
Ek seën, vloek; ek dien, verdien,  
Verderf, verdruk, verbly  
My medereisigers hier op  
Die paadjie langers my,  
Waar elk van almal vir homself  
Alleen geniet of ly:  
Maar al die ander reis die pad,  
Beskou ek, net vir my!

---

## LASTER HULDIG, ROEM BESKULDIG.

Soek jy om roem te werf uit enk'le goeie daade?  
Dan wys jyself die omvang van jou kwade:  
Wie roem op enk'le druppels uit die see?  
Maak jy 'n ophef van jou buurmans één mistrap?  
Dan wys jy maar hoe reg hy anders stap:  
Wie wys één gaatjie in 'n sif en spot daarmee?

---

## **DIE MOT EN DIE KERS.**

Die ander motte was dom en dwaas,  
Maar *ek* sal vèr van die kers af bly;  
Hier vèr uit die skemerte sal ek kyk,  
Hier vèr is dit veilig en kyk is vry.

Maar ek hoef nie van éenkant net te kyk—  
Ek vlieg op dieselfde afstand om,  
Dan weet ek van àl-kant hoe hy lyk—  
Om beter te sorg om nie nader te kom.

My sirkel was skeef en ingebuig,  
Maar dáar ook nog, waar ek naaste was,  
Het daar niks gebeur—ek maak verniet  
My velling so groot en so vèr van die as.

Die wieletjie draai àl vinniger om,  
En die lig en die gloed word àl groter genot:  
En die vellings word nouer àl rondom die as—  
En die end van die wiel is die as van die mot!

---

## **AAN DIE RENEGAAT.**

Jou volk nie goed genoeg nie? Maar die renegaat  
Is altyd slegter tog as die wat hy verlaat!  
Sal dan die beter volk 'n gulle welkoms gee  
Aan d' allerslegste uit die slegter? Wees tevreë  
Om in jou eie kring 'n hoër rang te haal—  
Jy 's laag genoeg vandag om nie nog af te daal!  
En as jy bly en rys, dit sal jou éendag tref:  
Daar 's hoogheid, wat jou laagheid eers nie kon beseef!

---

## **DIE OPENBARING VAN DIE WAARHEID.**

Die hond wat by jou tafel staan  
En smekend in jou oë kyk,  
Die praat die waarheid met sy blik  
Waardeur hy jou sy nood laat blyk.

Die voëltjies van hul kroos beroof  
En skreeuend om hul nes met smart,  
Die uiter waarheid hemelrein  
Uit swaar beproefde ouerhart.

Die plantjie in jou vensterbank,  
Wat jy versuim om te benat,  
Praat waarheid met verwelkte blom,  
Met druipende stengeltjie en blad.

Die bokkie wat geen kwaad vermoed  
En water soek in skadu-kuil,  
Raak dood deur swyend leuentaal  
Van tier wat in die riete skuil.

Dis nie jou woord alleen wat lieg,  
Of wat die waarheid kan verklaar:  
Deur daad en skyn, deur swye selfs,  
Word waar- of valsheid openbaar.

---

## **UIT „LIEFDE'S ONSIN”. (’N Wiegeliedjie).**

Lamtietie, diamtietie, doedoe my liefstetjie,

Moederhartrowertjie, dierbaarste diefstetjie!  
Luister hoe fluister die wind deur die boompjetjie,  
Heen en weer wieg hy hom al oor die stroompietjie.  
„Doedoedoe bladertjies,  
Slapenstyd nadertjies;  
Doedoedoe blommetjies,  
Nag is aan 't kommetjies”—  
So sing die windjie vir blaartjies en blommetjies.

Bo uit die boompie kom nog 'n gesangetjie,  
Soet soos 'n soentjie op kindjie se wangetjie,  
Soet soos die stem uit die snaar van vioëltjie  
Sus daar 'n wieg Lied uit bekkie van voëltjie:  
„Tietewiet, koeroeroet—  
Pierewiet, toetoetoet!  
Doedoe my kindertjies,  
Wat sal dan hindertjies?”—  
So noem die voëltjie haar kuikentjies kindertjies.

Onder die boom uit kom nog 'n gesangetjie,  
Rein soos 'n traantjie oor kindjie se wangetjie;  
Hoor dan die orreltjie onder die boompjetjie,  
Luister die wieg Lied van ruisende stroompietjie:  
„Trippetrip, koeloeloem,  
Oor die klip doemeloem!”  
Stroompie die rus nimmer  
Stroompie die sus immer,  
Sus immer, suis immer, ruis immer, rus nimmer.

Bo in die bloue lug flikker die sterretjies—  
Hemelse brandwaggies, lampies van verretjies,  
Wakend oor windjies en wolkies en stroompietjies,  
Wakend oor mensies en diertjies en boompjetjies:  
„Wees maar gerustetjies,  
Slaap maar met lustetjies!”  
So sing die sterretjies—  
stilletjies, verretjies:  
Vuurvliegies, lugliggies, ewige sterretjies!

\* \* \*

Onskuldig ogies en voetjies en handetjies!  
Wie weet hoe ver moet my kleintie nog ganetjies,  
Ver deur die wereld se kronkels en ganetjies.  
Bly tog maar kleinties en bly dit maar langetjies;  
Bly maar by moedertjie,  
kindlief se hoedertjie—  
Saap in haar arrempies,  
Saggies en warmpies—  
Doekies dan, doekies in moeder se arrempies!

---

## **DIE STEM VAN SUID-AFRIKA.**

Uit die blou van onse hemel,  
uit die diepte van ons see;  
Oor ons éwige gebergtes,  
waar die kranse antwoord gee;  
Deur ons vér verlate vlaktes  
met die kreun van ossewa—  
Ruis die stem van ons geliefde,  
van ons land Suid-Afrika.

Ons sal antwoord op jou roepstem,  
ons sal offer wat jy vra:  
Ons sal lewe, ons sal sterwe—  
ons vir jou, Suid-Afrika!

In die murg van ons gebeente,  
in ons hart en siel en gees;  
In ons roem op ons verlede,  
in ons hoop op wat sal wees;  
In ons wil en werk en wandel,



van ons wieg tot aan ons graf—  
Deel geen ander land ons liefde,  
trek geen ander trou ons af.

Vaderland! ons sal die adel  
van ons naam met ere dra—  
Waar en trou as Afrikaners,  
kinders van Suid-Afrika!

In die songloed van ons somer,  
in ons winternag se kou;  
In die lente van ons liefde,  
in die lanfer van ons rou;  
By die klink van huw'liksklokkies,  
by die kluitklap op die kis—  
Streel jou stem ons nooit verniet nie,  
weet jy waar jou kinders is.

Op jou roep seg ons nooit nee nie,  
seg ons altyd, altyd ja:  
Om te lewe, om te sterwe—  
ja ons kom, Suid-Afrika!

Op U almag vas vertrouend  
het ons vadere gebou;  
Skenk ook ons die krag, o Here,  
om te handhaaf en te hou—  
Dat die erwe van ons vaad're  
vir ons kinders erwe bly:  
Knegte van die Allerhoogste,  
teen die hele wêreld vry!

Soos ons vadere vertrou het,  
leer ook ons vertrou, o Heer:  
Met ons land en met ons nasie  
sal dit wél wees!—God regeer!

---

## EUGÈNE MARAIS.

---

### KLAAS VAKIE.

Hy stoot die voordeur stadig oop,  
en in die skadu sien ek hom—  
sy swart manel is oop-geknoop,  
sy snaakse lyfie hoepel-krom;  
sy lang gesig is uitgedroog,  
hy staat by my skaars skouer-hoog!

Sy ogies knip, sy lippe lag,  
sy lang-bol hoed is in sy hand;  
hy kom van buite uit die nag,  
en bly net in die skadu-rand.

Eén kers brand stadig in die tuit,  
die ander flikker heen en weer;  
en langs my, deur die onder-ruit,  
daar loer die nag so swart soos kruit!  
Die skadu's—kort en dik en bont—  
spring op die vloer soos lammers rond!

Tant Sannie sit nog kouse stop;  
haar naald blink nes 'n weerligstraal,  
haar lyf is alles dof en vaal,  
die kerslig skyn net op haar kop.

Vlak voor my oë dans die dons,  
en as tant Sannie met my praat  
dan gaat dit nes 'n brommer gons:  
haar woorde is so nors en kwaad.

Die donker kruip uit elke skeur,  
dis alles deurmekaar gevleg;  
ek sien hom nou—dan is hy weg,  
die snaakse Outjie by die deur!

Die donker wikkel om hom heen,  
dit gryp sy voet en dan sy been;  
en as my oë wyer rek—  
dan staat 'a skadu in sy plek.

Dáár is hy weer, so skelm-slim,  
en voet vir voet bekruip hy my;  
ek sien sy skadu hoër klim,  
en tel sy knopies op 'n ry.

Dit is tant Sannie weer wat praat:  
„Kyk, Jannie, dit is baie laat  
en tyd vir kleintjies om te slaap;  
wat sit jy nog te snork en gaap,  
met reeds 'n krakie in jou nek?  
Nou, snuiter, kooi-toe op die plek!”

Ek ken die stem, nou moet ek hoor!  
En as ek opstaan om te gaan,  
dan kom hy weer van dáár-van-daan  
en trap so soetjies in my spoor!

---

## WINTERNAG.

O, koud is die windjie  
en skraal!  
En blink in die dof-lig  
en kaal—  
so wyd as die Heer se genade—  
lê die velde in ster-lig en skade.  
En hoog in die rande,  
versprei in die brande,  
is die grassaad aan 't roere  
soos wenkende hande.

O, treurig die wysie  
op d'ooswind se maat,  
soos die lied van 'n meisie  
in haar liefde verlaat!  
In elk grashalm se vou  
blink 'n druppel van dou,  
en vinnig verbleek dit  
tot ryp in die kou.

---

## A. D. KEET.

---

## AMSTERDAM.

Aan my vriend EDUARD KARSEN.

Ou Amsterdam is tog so mooi  
Met al sy liggies uitgetooi  
In donker, donker nagte.  
Dis liggies hier en liggies daar  
In lange rye aanmekaar,  
Wat flikker in die gragte.

En honderd-duisend ogies loer  
Op spieëlgladde watervloer  
Daar bowe uit die hemel.

Dis liggies hier en liggies daar  
En bootjies, wat so saggies vaar,  
Dat ligte golfies wemel.

Die liggies soek mekaar weer op  
In water, wat teen walle klop  
Op stormagtige nagte.  
So toweragtig, lief en skoon  
Is liggies, wat op walle woon  
En flonker in die gragte.

---

### KINDERLIED.

Kom, kom kindertjies,  
Buite vlieg die vlindertjies—  
Hier, daar, oweral.  
Al die kleine stakkertjies  
Soek hul bonte makkertjies:  
Kyk, kyk, ag, hoe mal!

In die kleine kommetjies  
Van die bloedrooi blommetjies  
Duik, duik, duik hul in.  
Reguit na die suikertjies  
Vlieg die bonte duikertjies:  
Suig, suig, suig daarin.

Kom, kom kindertjies,  
Speel net soos die vlindertjies—  
Hup, hup, spring en val!  
Blossies op jul wangetjies,  
Sing hier soete sangetjies  
Op die vlakke, oweral.

---

### AS SAANS.

As saans die son stilswygend sterf  
Daar oor die wester-rand,  
Dan straal hy wondertekens uit  
Aan elke wolk en land.

As saans die skemersluier sak  
In stille segetog,  
Dan veg die dag sy doodstryd vóór  
Sy laaste ademtog.

As saans die donker duister daal—  
Die doodskleed van die dag—  
Dan hou die kinders van die son  
Hul liggend sterrewag.

---

### AWENDMYMERING. (Op die stoep van 'n boereplaas).

Dis stil....  
Geen blaartjie roer,  
En die hele werf  
Rus sag in die skoot van diepe vergetelheid.  
Die dag is dood  
En lê begrawe—  
Stil.

Soas op Sabbat-môrens 'n tortelduif  
Die stilte in die lug nog stiller maak,  
Deur af en toe te koer en dan te swyg—  
So kan jy hoor

Daar onder by die voor,  
Waar nou net modder van vroeëre strome vertel,  
Hoe die paddetjies die ontsaglike stilte verstoer.  
Hulle kwik en kwek en kwaak,  
Dat dit kraak!

Om dan weer almal op te hou—  
Ineens!  
Maar nie vir lang nie;  
Ontevrede bid  
En soebat hul vir reën—  
Hulle ween,  
En gaan dan slaap vermoeid en uitgeput.

Ver  
In die veld  
Gaan 'n skreeuende kiewiet te keer.  
Hy vlieg op en neer,  
Heen en weer,  
Verskrik  
Deur 'n jakhals wat tjank in sy buurt....  
Dis roerloos stil.

En die sterre,  
O God, die sterre!  
Hoe mooi  
Is die firmament versier  
En uitgetooi,  
Asof daar altyd feeste word gevier  
Daar bo in die hemel,  
Ver—  
Ver van hier!

---

### BEKOORLIK KIND.

Bekoorlik kind! ek weet nie wat dit is  
Of hoe dit kom nie; 'k weet alléén maar dit:  
Dat ek nog altyd deur jou beeld aanbid  
En steeds die tintel van jou oge mis.

Is dit die glans, waarvan ek nimmer wis  
Dat dit 'n man so aangryp, altemit?  
Of is dit net bekoring? Nee, daar sit  
Oneindig veel meer agter dan jy gis.

Dit is die krag, wat digters stil laat staan  
Voor al wat lief en skoon is op dees' aard;  
Dit is die Siel, wat so sy wege baan  
Van hart tot hart, tot twee aanéén-gespaard  
Hul hele lewe sáme verder gaan.....  
Lief kind, o maak my lewe lewenswaard!

---

### PROBLEEM.

'n Mot vlieg vol van lewensblyheid  
Vas teen 'n soeklig-toring aan,  
So spog'rig, asof Lot nog Vryheid  
Vir hom bestaan—  
En hy vergaan!

Die soeklig gooi sy glinster-strale  
Wyd oor 'n see van woesteny—  
Verkondig skippers telkenmale:  
Bly vèr van my,  
Bly vèr van my!

Geliefde! So 't jou oog-geflonker  
My vaak al voor die vraag laat staan,  
Of ek moet uitbly in die donker,

Of nader gaan—  
Jy trek my aan!

---

### SNEEU.

Sneeu, sneeu, lieflike sneeu  
Daal op die aarde neer;  
Dit val en dit swewe,  
Dit sterf en dit lewe—  
O kyk tog, hoe kòm dit al weer!

Sneeu, sneeu, heerlike sneeu,—  
Moeder, kom kyk tog hoe fraai!  
Miljoene klein vlokkies  
In stukkies en brokkies  
Word wyd oor die wêreld gesaai!

Lieflik en rein en wit is die sneeu,  
Moeder, dit val en dit sweef  
In brokkies en stukkies  
Met stote en rukkies—  
Presies of die hele lug leef!

---

### MUSKIETE-JAG.

Jou vabond, wag, ek sal jou kry,  
Van jou sal net 'n bloedkol bly  
Hier op my kamermure.  
Deur jou vervloekste gonsery,  
Deur jou gebyt en plaery  
Kon ek nie slaap vir ure.

Mag ek my voorstel, eer ons skei,  
Eer jy die doodslag van my kry—  
My naam is VAN DER MERWE.  
Muskiet, wees maar nie treurig nie,  
Wees ook nie so kieskeurig nie—  
Jy moet tog ééndag sterwe.

Verwekker van malaria,  
Sing maar jou laaste aria—  
Nog één minuut vir grasie.  
Al soebat jy nou nóg so lang,  
Al sê jy ook: ek is nie bang—  
Nooit sien jy weer jou nasie!

Hoe sedig sit hy, o, die kring!  
Sy kinders kan maar kranse bring,  
Nou gaan die vabond sterwe....  
Pardoen! Dis mis! Daar gaan hy weer!  
Maar dóód sal hy, sowaar, ek sweer—  
My naam is VAN DER MERWE!

---

### SLAGVAARDIG.

Jy moet nie bang wees vir die bliksem,  
jy moet nie bibber as dit reën;  
Moet ook nie skrik nie vir 'n bom nie,  
Al was hy ook vir jou gemeen.

Wees dapper as wat swak is wankel,  
Wees manlik as jou kinders huil;  
En toon die wêreld, Afrikaander,  
Wat daar vir skoons in Kaapland skuil.

O volk van my, daar is nog arbeid,  
Daar is nog roem, daar wag nog stryd;

Jy moet nie bang wees vir wat kom nie—  
Wees slagvaardig, wees bereid!

---

### **DINGAANSDAG (1914).**

Soas 'n drenkeling, bedreig deur Dood,  
Spartel en spat en sy ganse mag verset  
Teen woedende waters; en dan ternouernood  
Deur magtige hande uit groot gevaar word gered—  
So worstel ons Verlede rond vandag  
Voor my verstand se oog. Ons hef hom bo  
Die See van Lang-Vergeet-Al met die krag,  
Wat ons Geheue noem..... En ons sit so  
En peins oor wat gely is in die hoop,  
Dat volle vryheid nog ons lot sal wees.  
Maar ag, ons land het ons met bloed gekoop—  
Op menig grafsteen kan 'n mens dit lees—  
En tog moet ons, die brekers van die baan,  
Die Pioniers, ons pad nog oral slaan!

---

### **DIE TWEE BOODSKAPPERS**

Aan Dr. W. J. Leyds.

(„Ik wil U nog vertellen, dat in mijn verzameling een foto voorkomt, waarop onze vierkleur een groote en tevens eigenaardige rol speelt, die altijd gedachten bij mij opwekt. Het stelt voor een groep jonge meisjes (waaronder Generaal DE LA REY's dochter), die, allen gehuld in een vierkleur, een dans uitvoeren op het veld. Het pathetische van het geval bestaat daarin, dat de foto genomen is na het tractaat van Vereeniging, toen de boodschapper van Generaal DE LA REY het bericht van het sluiten van den vrede aan zijn commando had overgebracht, doch verkeerd, zoodat het commando in het denkbeeld werd gebracht, dat vrede was gesloten met behoud der onafhankelijkheid. Bij mij wekt deze foto niet droefheid alleen: ook hoop.“)

Uit 'n brief van Dr. W. J. LEYDS.

#### **EERSTE BOODSKAPPER.**

Ek kom om julle die nuus te bring:  
Mense juig, wees bly en sing!  
Transvaal het nie verniet gely—  
Transvaal is vry!  
Transvaal is vry!

Hoera vir die Vrystaat, hoera vir Transvaal!  
Hoera vir ons groot Kommandant-Generaal!  
Hoera vir ou Kaapland, hoera vir Natal!  
Hoera vir die burgers van overal!

#### **'N VERKENNER.**

Wat is dit hier, wat is dit hier,  
Word hier 'n bruilofsfees gevier?

#### **MEISIES.**

Nee, ons het net die nuus gehoor:  
Transvaal het sy vryheid nie verloor!

\* \* \*

En die noontjies dans, dat die stof so staan,  
Met die vierkleurvlag om hul lyf geslaan.  
Dis polka-swaai  
En Kaapse-draai;  
Dis siembamba

En siembamba—  
Uit blydschap vir  
Suid-Afrika!

Die noointjies dans,  
En die seuns en mans  
Die lag en skerts en gaan te keer,  
En sing dan weer:

„De Wet was hier, De Wet was daar,  
De Wet was vasgekeer;  
Maar dit was glad nie, glad nie waar—  
Hy flous hul telkens weer!

De Wet was hier, De Wet was daar,  
De Wet was oweral;  
Ou French, wat hom 'n strik wou span,  
Het self daarin geval!

En De la Rey het opgetree  
Daar bo in die Transvaal;  
Methuen het hy 'n pak gegee—  
En so sy roem behaal!”

\* \* \*

Toe die boodskapper oor die rand verdwyn,  
Toe hoor hy nog steeds die bekende refrein:  
„Hoera vir die Vrystaat, hoera vir Transvaal!  
Hoera vir ons groot Kommandant-Generaal!  
Hoera vir ou Kaapland, hoera vir Natal!  
Hoera vir die burgers van oweral.”

#### TWEDE BOODSKAPPER.

Wat is dit hier, wat is dit hier ?  
Skaam julle, om nou fees te vier!  
Skaam julle, as ons vryheids-vaan  
Diep in 'n doodkis word toegeslaan;  
Dáár in die dorp Vereniging  
Word nie gedans nie, word nie gesing,  
Dáár is net weemoed, dáár is net rou,  
Dáár is geen hoop nie vir my en jou.

\* \* \*

En elke oog skiet vol met trane,  
Elke keel die slik.  
Herdenkend al die deurgestane,  
Het meer dan een gesnik...

Maar op 'n tentwa, luid en klaar,  
Bid toe die leier van die laer:  
„O Gy, wat oor ons lot regeer,  
Maak ons weer ééndag vry, o Heer!”

En die noointjies dink by die awendskyn:  
Ons hoop is nie weg nie,—sal nooit verdwyn;  
En een die sê,  
Terwyl hul lê  
En staar na die Suiderkruis:

„Vryheid! Vryheid! dierbaar ding,  
Waar elke mens na smag,  
Van jou sal ek gedurig sing—  
jy is 'n volk se krag!”

---

### MAAR ÉÉN SUID-AFRIKA.

Gee my 'n roer in my regterhand,  
Gee my 'n bok, wat vlug oor 'n rand—  
En 'n flukse perd om hom weg te dra:

Gee my Suid-Afrika.

Gee my 'n kamp waar bossies groei,  
Gee my 'n fraai volstruis wat broei—  
En 'n Boereseun wat baie wa:  
Gee my Suid-Afrika.

Gee my 'n koppie om op te staan,  
Gee my die Swartland met al sy graan  
En nooit of te nimmer hoor jy my kla  
Gee my Suid-Afrika.

Gee my 'n vlakte ruim en wyd,  
Gee my die veld se oneindigheid—  
En die lekker geur, wat die lug daar dra:  
Gee my Suid-Afrika.

---

## TH. WASSENAAR.

---

### SEE-SONNET.

O magtige oseaan, jy wydgestrekte,  
Omsirkeld deur die ongemetenheid,  
Diep in jou boesem rus die onontdekte;  
Alleen jou swaar gehyg verneem die tyd.

O nooitvermoeide see wat immer-woelend,  
Getye reël na gange van die maan  
En op die storm se stem ontstuimig spoelend,  
Jou branders op die rotse stukkend slaan!

O ewige deining van die Grote en Magtige!  
So dein die breed sterk stroom van volle lewe  
In my klein hart. Ek nietigste kristal,  
Ek mag ook speel met glans van die ewig-pragtige.  
Die skepping het ook my sy doel gegewe:  
Een polsslag in die ritme van die Heelal!

---

### BERGTOPPE.

Nog raak die son die hoogste bergetoppe,  
Die dale rus alreeds in skadewee,  
As vredig langs die hange nog in troppe  
Wit bokke wei en bontverspreide vee.

Die dag verdwyn en teen die aand se klaarte  
Rys honderdkoppig, puntig-skerp omlyn,  
Die bergereeks se magtige gevaarte,  
In deinsig-blou, 'n waas deurskynend-fyn.

Beminde aarde, berge vrede-draënd,  
My hart is stil en ope soos die lug:  
'n Ewige verlange, swygend-vraënd,  
Uit eeue-nagte van bestaan se vlug,  
Sweef oor die bergetoppe in die aënd:  
Dis eind'loos stil... Nag... Eensaamheld... 'n Sug.

---

### OP DIE TORING.

Vlammende wolke aan die hemel,  
Roerlose bome teen awendlug,  
Landskap in vrede, 'n stille ontroering:  
Dalende dag-lig, 'n salige sug!



Donkere stad daarginds in rookdamp,  
Rasende wereld, om goud en om eer;  
Vredige aandgloed hier op die water,  
Swarte voëls vlieg heen en weer.

Magtige see in vrede-stemming;  
Ver lê die berge in violet;  
Twee staan gearmd hierbo op die toring:  
Biddende harte, 'n dankgebed.

---

### **NAG.**

Die klein blink ogies van die groot swart nag  
Staar my so stil aandagtig aan vanaand;  
Hul glimlag net so effentjies en sag,  
Asof hul reeds my diepste wens verstaan 't,

Ek voel dat daar 'n band onsegbaar teer,  
Die groot heelal tot een geheel verbind,  
Dat daar 'n gees wat ewig is regeer,  
Voor wie die skepping klein voel as 'n kind.

'n Onbegrepe wêreld sonder sin  
Sou hierdie lewe wees vir hom wat in  
Homself alleen 'n siel en wese vind:  
Hy dwaal, 'n vreemde tussen wesens doof en blind.  
In hom alleen word waar geluk gewek,  
Wat hom in alles, die Al in hom ontdek.

---

### **KENNIS EN GEVOEL.**

O bleke suster-tweeling van die aarde,  
Jy bloedloos kind met kille lykgesig,  
Wat met die skyn van bange sonnestrale,  
Die nagte stil spookagtig wit verlig!

Ons kennis leer jy is 'n dorre wêreld,  
Waar nooit die lag van blye lewe was.  
Dat jy geen lug kan bied aan vuurge longes;  
En nêrens in jou dale groei daar gras.

Jou kloue is die kraters van vulkane,  
Wat eenmaal vuur was, koud en bleek soos lood  
Nou gaap met angstig-oopgesperde monde,  
Maar asemloos soos die verstyfde dood.

Dit leer hul my, o heerlik blanke klaarte,  
Wat half die wêreld met jou lag bekoor,  
En 'k neem dit aan, gehoorsaam kind van wysheid,  
Maar glo nog meer wat my hart laat hoor.

Ek hoor die lied van ewige bekoring;  
Die maan gly voort op silwermelodie  
Van honderdduisend tintelende sterre;  
Ek hoor die woord van alle poësie!

---

### **DIEPTE.**

Wie na die oppervlakte  
Van stil diep water kyk,  
Gewaar alleen die blare  
En slyk wat bo-op dryf;

Maar wie sy oog veel dieper,  
As na die oneind'ge rig,  
Hy sien die donker aarde  
Vol diepte en vol lig;

Hy sien geen vuilswart water  
Of modderbodem meer,  
Maar in die hart van die aarde  
Die hemel omgekeer.

Daar dryf die los wit wolkies  
Soos skepe op die see,  
Soos op 'n somerlandskap  
Verspreide troppe vee.

Hy sien die hoë hemel  
So diep daaronder welf,  
So rein en ongemete  
Soos lig en diepte self.

So is in alle dinge  
'n Diepte te ontdek,  
Waar suiwre siel van skoonheid  
Sig aan die stof onttrek.

---

### **STILLE VRIENDE.**

Ek hou van stille vriendlikheid,  
Van vriendskap sonder woordepraal,  
'n Stil vertrek vol innigheid,  
Waar sagte gloed van haardvuur straal.

My kamer is maar arm en klein,  
Die mure is so skraal versier;  
Maar as die son naar binne skyn,  
O dan voel ek gelukkig hier.

En meen'ge vriend het ek ontdek,  
Wat dienend sonder dank te vra,  
Die onsigbre arrems uitgestrek,  
My wiegend op die hande dra.

Ek hou van die gemeensaamheid,  
Waarmee die dinge my omring,  
Wanneer ek saans in eensaamheid  
Die lang-lang ure deur moet bring.

Gelukkig hy wat stilte tot  
'n Vriend in eensaamheid kan maak;  
Hy hoor 'n fluistering van God,  
Die teerste wat sy siel kan raak.

---

### **MIDDAGUUR.**

Dis middaguur, dit is die uur van rus;  
Die werf is stil, die hele vlakte swyg.  
Geen ploeg gaan langs die akker op en af,  
Die hoenders in die koelte gaap en hyg.

'n Spreeu sit op die kraal se muur en skreeu,  
En op die laagste takke aan die soom,  
Sit tortelduiwe in die blekkoetbos,  
Die stilte van die middag te verdroom.

Vaal bulte oor, tot bewende horison,  
Lê al die veld te stowe en te skroei  
In gloeiwit-blakerende sonneglans:  
Die lug self skyn tot sonlig te vergloei.

'n Boereplaas ver langs oorwaasde kim,  
Skyn los en dansend op die lug te dryf,  
'n Skip wat skommel op 'n see van lig,  
Wat sawends weer tot vlakte sal verstyf.

Die vee lê langs die pan. Geen wese roer;  
Slegs kriekies sing hul hooggestemde sang:  
Dit is die uur van gans ontspande rus,  
Nie soos die aand vol ingehoue drang.

Dit is die uur van al-tevredenheid,  
As mymerend op sy rusbank uitgestrek,  
Die werker wagtend in 'n sluimring sag,  
Uit droomverbeelding soet verwagting wek.

---

## AANDLIEDJIE.

Kom op, liewe maantjie, kom op!  
O maantjie kom kuier vir ons.  
Doer agter 'n kleuregordyn,  
Is die sonnetjie lankal verdwyn,  
Kom gou-gou nou maantjie en skyn  
Deur die lelike nag wat so frons.

Goeinaand, liewe maantjie, goeinaand!  
Muskietjies is uit om te buit,  
Om die slapende vee te verras.  
Kyk hoe swier hul in swerme op die plas,  
Hoor hoe gons hul oor geurende gras  
Langs vreedsame vleie en spruit.

Goeinaand, liewe maantjie, goeinaand!  
Kyk hoe bleek word die sluimerende nag;  
Deur die mis van sy duisternis heen  
Het jou klein silwer ogies 'n reen  
Van betowerde trane geweene,  
Wat diep in die water weer lag.

Goeinaand, liewe maantjie, goeinaand!  
Dis alles so stil om my rond:  
Die hoendertjies sit in die boom  
By vooltjies op takke en droom,  
Waar silwer langs blare heen stroom  
En liggies laat dans op die grond.

Goeinag, liewe maantjie, goeinag!  
Nag sterretjies, almal goeinag!  
As ek strakkies my ogies sal sluit  
En my flikkerende kersvlam is uit,  
O loer dan vir my deur die ruit,  
En ek sal van jul droom, goeienag!

---

## DIE WINDJIE.

Windjie, windjie, waarheen jakker  
Jy so haastig nou al weer?  
Al die stowwe skud jy wakker,  
Blare, blomme heen en weer.

Oor die grassaad ruis jou voetjies,  
As jy huppel oor die wei;  
Golfies bokspring, as jy soetjies  
Oor die koele water gly.

Soos 'n katjie speels 'n muisie  
In sy kloutjies rond laat vlieg,  
Skommel jy jou blare-huisie,  
Tot die takkies almal wieg.

Orals vroetel jy en snuffel  
Eike graspol deur en deur,  
En terwyl jy hul kernuffel,  
Jomp jy nog die blompies' geur.

Windjie, jy 's net soos die vlinder,  
Wat op elke blompie rus;  
En van d' een by d' ander skinder,  
Skoon hy almal vriendlik kus.

Windjie, 'k hoor so graag jou liedjies  
By my raam en dak se rand,  
in die boomtop, tussen rietjies  
Ruisend langs die waterkant.

O, so graag staan ek en luister  
In 'n hoë mielie-land,  
Hoe die ranke blare fluister  
Almal in dieselfde trant.

Waa maar, windjie, hardloop, huppel  
Oor die koppies, veld en rand—  
Drink uit vleie en kom druppel  
Mild die reën op dorstend land.

---

### **AAN HOLLAND.**

O, Holland, ek hou van jou,  
Ek hou van jou jonge gesig,  
As Lente in Meimaand met sonneskyn trou  
Op velde, met kleure verlig.  
Ek hou van jou oeroue stoere gelaat  
By winter, as newels jou wimpers beslaat,  
En mistige sluiers, deur wolke gespan,  
Die son uit jou oë vir maande verban.  
Ek hou van jou edele trekke, wat Tyd  
Gemerk het met tekens van vrugbare stryd:  
Kon dyke, kanale en duine praat,  
- Dié rimpels, getuiend van wil en daad,—  
'n Ewige lag sou jou mond versier,  
Vir altyd sou jy oorwinning vier!

O, Holland, ek hou van jou,  
Ek hou van jou dyke-gees,  
Wat eie vryheid en aard wil behou  
En weier om slaaf te wees.  
Die see is jou vyand, die see is jou vrind,  
Jy weet om sy mag aan jou wil te verbind,  
Jy spook met die water en bou 'n dyk  
En rustig daaragter bewoon jy die slyk;  
Maar roep een: te wapen, die vyande kom!  
Dan draai jy jou swaard na die anderkant om,  
En saam met jou rol, oor die weilande heen,  
Jou magtige vyand, die vyand teen!  
Met dyke keer jy die see uit jou land,  
En vér van jou grens bly die oorlogsbrand.

---

### **OP DIE DOOD VAN PRESIDENT STEYN.**

(† 28 Nov. 1916).

Nog rooi van die weemoed van gister,  
Daar ween onse oë alweer!  
O, het dan die laggende toekoms  
Sy rug na oos toegekeer?

Onder honderde, honderde bome  
Word die mooistes en grootstes gekap,  
En die struikgewas tier om hul stamme  
En swelg in die aarde se sap.

Daar lui weer die onheil 'n doodsklok,  
Die aarde ontsluit weer haar skoot:  
'n Soon, 'n broer, 'n vader,

'n Vriend van sy volk is dood!

Toe, lui maar, o noodlot, die doodsklok,  
Toe, graaf maar 'n diepe graf,  
Jy ontroof ons tog nimmer ons hoop nie,  
Sy gees neem jy nooit van ons af!

---

**DIE SLAG BY BLOEDRIVIER.**  
**(16 Desember, 1838).**

Die Ooste gloei. Dit is die dag,  
Wat vóór die Ooster-poorte wag  
En aarsel om die donker waas,  
Wat voor sy oog hang, weg te blaas:  
Want o, wat sal sy oog aanskou—  
Dan bloed, dan bloed, dan moord en rou?  
Maar nee, hy skeur die sluier oop....  
Dáár word Suid-Afrika gedoop!

Wat is dit, wat ek ginds gewaar,  
Daar langs die donker berge, dáár?  
Dit is Dingaen se swarte drom,  
Dit is Dingaen! Die Soeloes kom!  
Gryp, Trekker, gryp jou kruit en roer  
En staan jou man, jou naam is Boer!  
Beskawing moet hier segevier,  
Of Afrika is vir die dier'!

Hul kom! hul kom met woede aan,  
Soos vuur, in hoë gras geslaan,  
Wat, op die wind se vlug gedraag,  
Al knett'rend oor die grassaad jaag,  
En vir geen pad of vóórbrand stuit;  
Die vlamme-arrems gryp vooruit,  
Verteer al wat hul beet kan kry,  
Tot as alleen nog orig bly.

Hul kom! hul kom soos aasvoëls aan,  
Die wye vlerke oopgeslaan,  
En bek en pote rooi gekleur  
Van prooi, nog pas uiteengeskeur.  
O hoor hoe dreun dit, soos hul kom!  
Dit woel en wemel rond en om,  
Van skildvel, assegaai, barbaar!  
Van Soeloes, Soeloes aan mekaar!

Hul storm! hul storm! die swarte drom,  
En skreeu en bokspring soos hul kom.  
Maar in die Treklaër is dit stil,  
Want elke Boer weet, wat hy wil:  
Sy oog hou wag; sy hart herhaal  
Die vroom gelofte elke-maal,  
En naas hom staan sy Sanna klaar,  
Die kruit en koeëls lê by mekaar.

Hul kom! hul kom!.... maar ry aan ry  
Stort neer om daar vir goed te bly.  
Die Sanna's bulder, die osse brul  
En hardloop rond, met angs vervul;  
Dit kletter hier, dit knetter daar,  
Dit reën as'gaaie op die laër.

Hul kom! hul kom!.... maar deins weer trug,  
Hul kom!.... maar kom met weifelsug  
Hul kom!.... maar weifel, weifel weer,  
Hul kom!.... dit was die laaste keer.

Dis *moed*, wat volhou na begin,  
*Vertroue* is dit, wat oorwin.

Sou vier maal honderd Trekkers dan  
Vir twaalf maal duisend Kaffers kan

Verslaan? Aanskou die water maar,  
Aanskou die sloot, die vlakke dáár:  
Drieduisend lyke lê daar rond!....  
Pretorius alleen is lig gewond.—

O hart, wat blydskap het gesmaak,  
Wie kan die trotse dag genaak,  
Van Afrika's beskawingsdoop,  
En koud bloed deur sy hart laat loop?

Ja, Stem van donker Afrika,  
*Ons*, wat jou naam met eer moes dra,  
Ons woon hier op 'n werelddeel,  
Ons moes regeer, en is verdeel!

---

## H. A. FAGAN.

---

### OUBOETA.

Windjie, jy kom oor die groot blou see—  
bring jy groete van Ouboeta mee?  
Ouboeta sit aan die ander kant,  
vèr, alleen in 'n vreemde land.  
Weelde en kuns kan hy daar aanskou,  
die grootste prag wat die wêreld hou;  
maar dit weet ons goed, dat sy hart nog sug  
na ons vrye veld en ons helder lug.  
Tog moet hy daar onder vreemde bly  
om kennis te win en ervaring te kry,  
tot die jare verby is, die leertyd om—  
wat sal ons groots wees as Boeta weer kom!  
Windjie wat waai oor die groot blou see,  
bring jy ook groete van Ouboeta mee?

Windjie, waai nou maar weer weg oor die see,  
en dra ons groete aan Ouboeta mee;  
voer in jou vlug na die ander sy  
die geur van die blomme wat bloei in die vlei,  
van varings wat bo teen die bergrand staan,  
van vrugte, van duiwe, van goudgeel graan.  
Hy sal jou boodskap verstaan, want hy weet  
dat alles verlang om hom welkom te heet.  
Sy ryperd staan in die stal te treur,  
sy hondjie hou wag by sy kamerdeur.  
Maar die jare vervlie en sy leertyd gaat om—  
ag, wat 'n vreugde as Boeta weer kom!  
Windjie, waai vèr oor die groot blou see,  
en dra ons groete aan Ouboeta mee.

---

### OP KNYSNA-STRAND.

Daar is 'n kuil,  
'n holte in 'n rotsbemuurde strand,  
waarin die branders ewig spoel en dreun;  
en in die mond van dié spelonk, daar skuim  
en kook die water wild en woes, asof  
die ganse oseaan wil binnedring.  
Met stormgeweld en blinde woede stuif  
die golwe op hul kerkerdure toe,  
en teen die rotsgewelwe druis en kraak  
die felle branding—waar dit breek, en dan,  
gestuit, verpletterd, tot die afgrond keer,  
en daar verlore gaan.

Ek ken 'n siel,  
nog ruimer dan die oseaan, waarin

oneindige gedagtes bruis en woel,  
en met die felheid van 'n stormgety  
'n uitkoms soek in enge digtertaal;  
maar ag, te groot vir mensewoorde, sink  
dit in die stille diepte weer terug,  
waar dit gebore is.

---

## SOOS DIE WINDJIE WAT SUIS.

Soos die windjie wat suis oor die velde,  
met geure van lente bevrage—  
is die hoop wat kom fluister van arbeid en stryd  
en die sege wat wag.  
Soos die dorre geruis in die najaar  
van blare wat val en vergaan—  
die verwyttende stem van geleentheid verspeel,  
en van dade wat sterf—ongedaan!

---

## F. VAN DEN HEEVER.

---

### RIT-RYMPIE.

Die koeëls die blits, dat die klippe so brand—  
Hoera vir die reuk van 'n roer!—  
Maar die tien en Jan Pieterse hou daardie nek,  
Help bewaar ou Transvaal vir die Boer!

„'n Uur nog, net ene"—'n uur van die hel!—  
„As ons maar die nek kan hou,  
Dan is ons kommando die drif veilig deur!"—  
En hy bid sonder handegevou!

Wild en wyd, wild en wyd,  
Gee die perde maar teuel en spoor;  
Jy hoor net daaronder die hoewegedonder,  
En hierbo fluit die koeëls langs jou oor.

Daar hinnik 'n liddiet, ryperd van die Dood  
Blits hemel en aarde deureen;  
Die stof wyk—die mense 's die drif veilig deur—  
By Jan Pieterse leef nog net een.

„Ons trap!" kommandeer hy. Wild en wyd  
Gee hul perde maar teuel en spoor;  
Hy hoor net daaronder die hoewegedonder  
En 'n skreeu—hy 's alleng nou oor.

Trug nou, trug deur die vlag van lood,  
Sy maat kan hy daar nie laat bly!  
Al om hom daar gons dit die lied van die dood,  
Waar sy sekel al snerpende sny.

Met die gewonde man dwars oor sy saalboom geleg  
Gaat hy stadig en stappende heen;  
Geen teken van haas, hy ry peinsende voort  
Op 'n stap deur die koeël-gereën.

„Laat staan, hy's 'n held -, Three cheers' vir die Boer!"  
Sê die Engelsman, hees in die keel.  
Die bulke weerklink met vier harde hoera's,  
En die lug word met helmte geel!

Jan Pieterse draai hom sy vyande toe  
En wuif hulle dank met sy hoed;  
Al stappend verdwyn hy op die horison daar  
In 'n raam van die westergloed.

So hoera vir die klank van stiebeuel en spoor,  
En hoera vir die reuk van 'n roer!  
God behoede ons veld van die vreemde geweld  
En bewaar ons ou land vir die Boer.

---

### **WIE IN GLAASHUISE WOON.**

Bommelby, bommelby met jou wit bandelier,  
Met jou vlerke wat blits in die sonlig en gons,  
En jou swartpak, verguld met die blomme se dons—  
Wat beteken jou sing en wat maak jy hier?

Maar die bommelby werk, of ek vra en of nie;  
Natuurlik, ek weet hy hoor nie na my  
En laat my gevra en gepeuter opsy—  
Maar dis mos wat deurgaans vir poësie!

My siel is so wyd soos die oseaan,  
En grootse gedagtes die woel daarin om,  
Te groot vir woorde, my Muse is stom,  
Want waar haal sy sulke woorde vandaan?

Ja, modder kan jy met jou vingers nie vat,  
Diamante is klein en gereëld van bou  
As jou oë maar reg is—Ek vra vir jou,  
Hoe moet ek die ruim van 'n siel dan skat?

Dis newels, net newels wat warrel en vlie,  
En ek is miskien nog agter die vlug  
Van ou Tyd, en ken die boom by sy vrug—  
Maar dis wat nou deurgaans vir poësie!

---

### **„'N SPEELTONEEL”.**

Ag, moet hul nie stoor nie, laat jou voetstap nie hoor nie,  
Kom ons hulle oor die laning beloer.  
Kan jy mooiers verlang dan die kindergesang  
En die geestige, malle rumoer?

Met 'n blaas in sy hand staat die predikant,  
Lees daaruit die formulier voor  
Waarmee hy hul trou; daar word huise gebou,  
Die gelag onder werke gesmoor.

Nou word daar gedoop, dan weer suiker verkoop  
Vir blikkies en skerfies en blare;  
'n Floue gelawe, 'n kuiken begrawe  
Met luide en droewe gebare.

Kon ons maar soos hulle die wêreld verag  
En spot met sy wel en sy wee;  
Of die wêreld al frons—daar klink hul gelag,  
En die wêreld lag hoofskuddend mee!

---

### **IN DIE HOVELD.**

In die Hoveld, waar dit oop is en die hemel wyd daarbo,  
Waar kuddes waaigras huppel oor die veld,  
Waar 'n mens nog vry kan asemhaal en aan 'n God kan glo,  
Staat my huisie, wat ek moes verlaat vir geld.  
En as ek in die gange van die myn hier sit en droom  
Van die winde op die Hoveld, ruim en vry,  
Dan hoor ek die geklinkel van my spore, saal en toom,  
Sawends as ek bees of skaap toe ry.

Op die Hoveld, waar dit wyd is, waar jy baie ver kan sien,



(Die ylblou bring 'n knop dan in jou keel)  
Staat my huisie nog en wag vir my, wag al 'n jaar of tien,  
Waar die bokkies op die lei grafstene speel.  
Maar as die tering kwaai word en ek hoor die laaste fluit,  
Dan sweef ek na die Hoveld op die wind  
En soek dan in die maanlig al die mooiste plekkies uit,  
Waar 'k kleiosse gemaak het as 'n kind.

---

### **SONDAG-MÔRE.**

Dit is stil in die voorhuis  
En stilte rus swaar op die bulte daarbuite,  
En stoffies hang blink in die lug, waar die venster  
'n Gulde balk van louter luister inlaat.  
Daar word boeke gevat:  
Die psalm gaat statig opruis,  
Ruis weg oor die druipende wilgers,  
Waar die tortels selfs luister;  
'n Hiemne aan God, aan wie dit gerig is,  
'n Statige hiemne van rus en van vrede,  
'n Wierook-kolom.  
Dis weer stil.  
Luid kraai die haan in sy beurtsang—  
En nou word gepraat, eers saggies dan luider,  
Nou word selfs gelag... die stemming verbroke—  
Die diens is verby.

---

### **DIE VERHUISING VAN CUPIDO.**

Cupido het eers vry rondgedwaal  
Met sy boog en sy skigtebos,  
Behoudens 'n lintjie wat krul, maar skraal  
In 'n Adamspek gedos.

Maar die Cherubyne mis hom nou;  
Ag, die sede vervel met die tyd!  
In die kas lê sy vleueltyes opgevou,  
En nywer regeer nou en nyd.

Sy guitige streke het hy laat staan,  
Laat met rus nou die pare in die park;  
'n Hardedop keil en manel het hy aan—  
Hy 't verhuis na die aandeelmark!

---

### **J. R. L. VAN BRUGGEN.**

---

#### **DIE KOKET.**

Die reënt het my tuintjie skoon gewas,  
En 'n windjie dwaal daarin;  
Hy sleep sy soetste geure saam  
Om 'n roseknop te win.  
„Kom saam my liefie,” fluister hy;  
„'k Gee alles wat ek het—  
My vrye siel, die hemelblou,  
Dit alles, alles skenk ek jou,  
En 'k vra jou hartjie net!”  
Om roserooie lippies plooi  
'n Glimlaggie, o ai so mooi;  
Sy skud haar koppie heen en weer,  
„Kom môre weer, kom more weer!”—  
Die rosie was koket!

'n Sonnestraaltjie het plesier

En lag die windjie uit.  
Hy hang 'n pêrel om haar hals,  
En soen die rose-lippies mals—  
Die rosie word sy bruid!

---

### **LENTELIEDJIE.**

'n Manestraaltjie het kom kuier,  
Kuier vir plesier,  
By die blanke hemel-bloesems,  
in my tuintjie hier.  
Heel die lente-awend luister  
Hoe die bloesems saggies fluister:  
„Vlei jou reinheid manestraaltjie  
Aan my boesem hier.”  
Toe het skalks die stoei-graag windjie,  
Loerend om 'n kier,  
Van die bloesem-wierook dronke,  
Bruilof in my tuin gevier.

---

### **'N SIMPEL LIEDJIE.**

Ek ken 'n melodietjie  
Só menslik en só rein,  
Dat heel my siele saamween,  
Saam met die liedjie klein.

Die liedjie is so simpel  
Dat elkeen dit verstaan:  
'n Kindjie het vanawend  
Sag na die Heer gegaan.

Ek ken 'n melodietjie  
Van onse sterflikheid;  
Maar o, die moederharte  
Moet glo aan d' ewigheid!

---

### **AAN GENERAAL DE LA REY.**

Eerwaarde vryheidsheld, dit was God's hand!—  
Ons sal maar weer die lendene omgord,  
En trane-balsem oor ons wonde stort,  
Want swaarkry is die stempel van ons land.

Vry soos die winde was jou fiere gees,  
En sober soos ons velde jou gemoed.  
Seun van ons Vaderland in murg en bloed  
jou vryheids-stem was nie verniet gewees!

Ons het geweene gen'raal, ons het geweene.  
O, 'k sien weer voor my gees die dodewa;  
Maar 'k weet dat in my siele was alleen  
Die stralend' pyn van Jong Suid-Afrika!

Daar was 'n stem van lewe in die dood.  
My hart was somber—maar my hart was groot!

---

### **DIE DOOD VAN DIE OSSEWA.**

'n Stem ruis deur die eeue, dof en vaag,  
Wat droewig as 'n doodsklok donker klink—  
Die oue word weer nuut!—So gallem dit  
Die eeue deur—die oue word weer nuut!  
My jeug is ook verby, hoe sterk ook nog

My krag.—Die doodsklok lui my uit, en 'k voel  
'n Kille weemoed om my hart.—  
En as in lome kreun my liggaam kraak  
Die opdraans op, die afdraans af, dan snor  
Daar knipoogsnel gevaartes my verby,  
En in die tuite stof sien vaag my oog  
'n Visioen van geeste, wat hels spot  
Met my onmagtigheid. Dan luider klink  
Die doodsklok droef—ek lui, ek lui jou uit!

Maar snags as winter-stilte het gedaal  
En swak die kampvuur skitter, stergelyk,  
Dan leef my oue liggaam weer, en sag  
Al op die awendkoelte kom gesweef  
Die trotse stemme van my jeug.

Ha! ek is weer op Quatlamba!—  
Daar golf Natal, 'n panorama, wat  
Wegdein in vroeë somerson tot blou.  
Skreeu nou jul helse geeste van vernuf!  
Ek lag my vryheids-lag!—Ek lei 'n volk  
Die donker in! My wabak is hul wieg!

Dis net die trekker met sy Boek, sy wa,  
Ons is alleen in die oneindigheid!  
Spot maar in wirrel-glans verby en lag  
Om my onmagtigheid.—Quatlamba's muur  
Weerkaats jul spotlag duisendwerf terug!  
Hier in die velde, ewe vry as is  
Die vryheidsgees wat my besiel, voel ek  
My tuis, en waar die winde stoei langs berge  
Daar wortel my bestaan. Hier het die bloed  
Van pioniers my watent rooi geverf,  
In kleine nasies wrede wordingsuur!—  
Dis net die trekker met sy Boek, sy wa,  
Alléén is ons in die oneindigheid.

Die smeulvuur by my wiel word flou, en in  
Die twyfelgloedjie staar my stille baas.  
Sag gooi die amber-skynsel van die vlam  
'n Droewe glimlag op sy trekkers-baard,—  
En saam peins ons oor langverlore vryheid.

---

## HEIMWEE.

My hart verlang na die stilte  
Van die wye wuiwende veld,  
Vér van die stadsgeluide  
En die klinkende klank van geld.

Ek is moeg vir die ruslose lewe  
Van mense wat kom en gaan,  
'k Wil terug na die vrye ruimte  
Waar 'n siel in woon—wat verstaan.

O, ek sien weer die son op die velde  
En die ewige blou lug bo,  
En my hart skiet vol van heimwee,  
En my drome swem in my oë.

O, ek sien weer die ylbloue berge  
Dáár vér aan die westerkim,  
En ek wonder nie meer waarom weemoed  
So sag uit my liedere klim;

Klim na die grys lug bowe,  
Waar die son in die miste kwyn;  
Want o, ek verlang na die velde,  
Na die ewige sonneskyn.

---

Transcriber's notes:

§ Archaic spelling has been retained. If in doubt, no correction has been made. This is especially true for accents, e.g. *één* versus *èèn* versus *één*.

§ Spellings, of which it is assumed that they were not intended by the authors or editors, have been put right.

<u>page</u>	<u>original</u>	<u>correction</u>
51	onverwrikbre	onverwrikb're
73	Saidjahs	Saidjah's

\*\*\* END OF THE PROJECT GUTENBERG EBOOK DIGTERS UIT SUID-AFRIKA \*\*\*

Updated editions will replace the previous one—the old editions will be renamed.

Creating the works from print editions not protected by U.S. copyright law means that no one owns a United States copyright in these works, so the Foundation (and you!) can copy and distribute it in the United States without permission and without paying copyright royalties. Special rules, set forth in the General Terms of Use part of this license, apply to copying and distributing Project Gutenberg™ electronic works to protect the PROJECT GUTENBERG™ concept and trademark. Project Gutenberg is a registered trademark, and may not be used if you charge for an eBook, except by following the terms of the trademark license, including paying royalties for use of the Project Gutenberg trademark. If you do not charge anything for copies of this eBook, complying with the trademark license is very easy. You may use this eBook for nearly any purpose such as creation of derivative works, reports, performances and research. Project Gutenberg eBooks may be modified and printed and given away—you may do practically ANYTHING in the United States with eBooks not protected by U.S. copyright law. Redistribution is subject to the trademark license, especially commercial redistribution.

**START: FULL LICENSE**  
**THE FULL PROJECT GUTENBERG LICENSE**  
PLEASE READ THIS BEFORE YOU DISTRIBUTE OR USE THIS WORK

To protect the Project Gutenberg™ mission of promoting the free distribution of electronic works, by using or distributing this work (or any other work associated in any way with the phrase “Project Gutenberg”), you agree to comply with all the terms of the Full Project Gutenberg™ License available with this file or online at [www.gutenberg.org/license](http://www.gutenberg.org/license).

**Section 1. General Terms of Use and Redistributing Project Gutenberg™ electronic works**

1.A. By reading or using any part of this Project Gutenberg™ electronic work, you indicate that you have read, understand, agree to and accept all the terms of this license and intellectual property (trademark/copyright) agreement. If you do not agree to abide by all the terms of this agreement, you must cease using and return or destroy all copies of Project Gutenberg™ electronic works in your possession. If you paid a fee for obtaining a copy of or access to a Project Gutenberg™ electronic work and you do not agree to be bound by the terms of this agreement, you may obtain a refund from the person or entity to whom you paid the fee as set forth in paragraph 1.E.8.

1.B. “Project Gutenberg” is a registered trademark. It may only be used on or associated in any way with an electronic work by people who agree to be bound by the terms of this agreement. There are a few things that you can do with most Project Gutenberg™ electronic works even without complying with the full terms of this agreement. See paragraph 1.C below. There are a lot of things you can do with Project Gutenberg™ electronic works if you follow the terms of this agreement and help preserve free future access to Project Gutenberg™ electronic works. See paragraph 1.E below.

1.C. The Project Gutenberg Literary Archive Foundation (“the Foundation” or PGLAF), owns a compilation copyright in the collection of Project Gutenberg™ electronic works. Nearly all the individual works in the collection are in the public domain in the United States. If an individual work is unprotected by copyright law in the United States and you are located in the United States, we do not claim a right to prevent you from copying, distributing, performing, displaying or creating derivative works based on the work as long as all references to Project Gutenberg are removed. Of course, we hope that you will support the Project Gutenberg™ mission of promoting free access to electronic works by freely sharing Project Gutenberg™ works in compliance with the terms of this agreement for keeping the Project Gutenberg™ name associated with the work. You can easily comply with the terms of this agreement by keeping this work in the same format with its attached full Project Gutenberg™ License when you share it without charge with others.

1.D. The copyright laws of the place where you are located also govern what you can do with this work. Copyright laws in most countries are in a constant state of change. If you are

outside the United States, check the laws of your country in addition to the terms of this agreement before downloading, copying, displaying, performing, distributing or creating derivative works based on this work or any other Project Gutenberg™ work. The Foundation makes no representations concerning the copyright status of any work in any country other than the United States.

1.E. Unless you have removed all references to Project Gutenberg:

1.E.1. The following sentence, with active links to, or other immediate access to, the full Project Gutenberg™ License must appear prominently whenever any copy of a Project Gutenberg™ work (any work on which the phrase “Project Gutenberg” appears, or with which the phrase “Project Gutenberg” is associated) is accessed, displayed, performed, viewed, copied or distributed:

This eBook is for the use of anyone anywhere in the United States and most other parts of the world at no cost and with almost no restrictions whatsoever. You may copy it, give it away or re-use it under the terms of the Project Gutenberg License included with this eBook or online at [www.gutenberg.org](http://www.gutenberg.org). If you are not located in the United States, you will have to check the laws of the country where you are located before using this eBook.

1.E.2. If an individual Project Gutenberg™ electronic work is derived from texts not protected by U.S. copyright law (does not contain a notice indicating that it is posted with permission of the copyright holder), the work can be copied and distributed to anyone in the United States without paying any fees or charges. If you are redistributing or providing access to a work with the phrase “Project Gutenberg” associated with or appearing on the work, you must comply either with the requirements of paragraphs 1.E.1 through 1.E.7 or obtain permission for the use of the work and the Project Gutenberg™ trademark as set forth in paragraphs 1.E.8 or 1.E.9.

1.E.3. If an individual Project Gutenberg™ electronic work is posted with the permission of the copyright holder, your use and distribution must comply with both paragraphs 1.E.1 through 1.E.7 and any additional terms imposed by the copyright holder. Additional terms will be linked to the Project Gutenberg™ License for all works posted with the permission of the copyright holder found at the beginning of this work.

1.E.4. Do not unlink or detach or remove the full Project Gutenberg™ License terms from this work, or any files containing a part of this work or any other work associated with Project Gutenberg™.

1.E.5. Do not copy, display, perform, distribute or redistribute this electronic work, or any part of this electronic work, without prominently displaying the sentence set forth in paragraph 1.E.1 with active links or immediate access to the full terms of the Project Gutenberg™ License.

1.E.6. You may convert to and distribute this work in any binary, compressed, marked up, nonproprietary or proprietary form, including any word processing or hypertext form. However, if you provide access to or distribute copies of a Project Gutenberg™ work in a format other than “Plain Vanilla ASCII” or other format used in the official version posted on the official Project Gutenberg™ website ([www.gutenberg.org](http://www.gutenberg.org)), you must, at no additional cost, fee or expense to the user, provide a copy, a means of exporting a copy, or a means of obtaining a copy upon request, of the work in its original “Plain Vanilla ASCII” or other form. Any alternate format must include the full Project Gutenberg™ License as specified in paragraph 1.E.1.

1.E.7. Do not charge a fee for access to, viewing, displaying, performing, copying or distributing any Project Gutenberg™ works unless you comply with paragraph 1.E.8 or 1.E.9.

1.E.8. You may charge a reasonable fee for copies of or providing access to or distributing Project Gutenberg™ electronic works provided that:

- You pay a royalty fee of 20% of the gross profits you derive from the use of Project Gutenberg™ works calculated using the method you already use to calculate your applicable taxes. The fee is owed to the owner of the Project Gutenberg™ trademark, but he has agreed to donate royalties under this paragraph to the Project Gutenberg Literary Archive Foundation. Royalty payments must be paid within 60 days following each date on which you prepare (or are legally required to prepare) your periodic tax returns. Royalty payments should be clearly marked as such and sent to the Project Gutenberg Literary Archive Foundation at the address specified in Section 4, “Information about donations to the Project Gutenberg Literary Archive Foundation.”
- You provide a full refund of any money paid by a user who notifies you in writing (or by e-mail) within 30 days of receipt that s/he does not agree to the terms of the full Project Gutenberg™ License. You must require such a user to return or destroy all copies of the works possessed in a physical medium and discontinue all use of and all access to other copies of Project Gutenberg™ works.

- You provide, in accordance with paragraph 1.F.3, a full refund of any money paid for a work or a replacement copy, if a defect in the electronic work is discovered and reported to you within 90 days of receipt of the work.
- You comply with all other terms of this agreement for free distribution of Project Gutenberg™ works.

1.E.9. If you wish to charge a fee or distribute a Project Gutenberg™ electronic work or group of works on different terms than are set forth in this agreement, you must obtain permission in writing from the Project Gutenberg Literary Archive Foundation, the manager of the Project Gutenberg™ trademark. Contact the Foundation as set forth in Section 3 below.

1.F.

1.F.1. Project Gutenberg volunteers and employees expend considerable effort to identify, do copyright research on, transcribe and proofread works not protected by U.S. copyright law in creating the Project Gutenberg™ collection. Despite these efforts, Project Gutenberg™ electronic works, and the medium on which they may be stored, may contain “Defects,” such as, but not limited to, incomplete, inaccurate or corrupt data, transcription errors, a copyright or other intellectual property infringement, a defective or damaged disk or other medium, a computer virus, or computer codes that damage or cannot be read by your equipment.

1.F.2. LIMITED WARRANTY, DISCLAIMER OF DAMAGES - Except for the “Right of Replacement or Refund” described in paragraph 1.F.3, the Project Gutenberg Literary Archive Foundation, the owner of the Project Gutenberg™ trademark, and any other party distributing a Project Gutenberg™ electronic work under this agreement, disclaim all liability to you for damages, costs and expenses, including legal fees. YOU AGREE THAT YOU HAVE NO REMEDIES FOR NEGLIGENCE, STRICT LIABILITY, BREACH OF WARRANTY OR BREACH OF CONTRACT EXCEPT THOSE PROVIDED IN PARAGRAPH 1.F.3. YOU AGREE THAT THE FOUNDATION, THE TRADEMARK OWNER, AND ANY DISTRIBUTOR UNDER THIS AGREEMENT WILL NOT BE LIABLE TO YOU FOR ACTUAL, DIRECT, INDIRECT, CONSEQUENTIAL, PUNITIVE OR INCIDENTAL DAMAGES EVEN IF YOU GIVE NOTICE OF THE POSSIBILITY OF SUCH DAMAGE.

1.F.3. LIMITED RIGHT OF REPLACEMENT OR REFUND - If you discover a defect in this electronic work within 90 days of receiving it, you can receive a refund of the money (if any) you paid for it by sending a written explanation to the person you received the work from. If you received the work on a physical medium, you must return the medium with your written explanation. The person or entity that provided you with the defective work may elect to provide a replacement copy in lieu of a refund. If you received the work electronically, the person or entity providing it to you may choose to give you a second opportunity to receive the work electronically in lieu of a refund. If the second copy is also defective, you may demand a refund in writing without further opportunities to fix the problem.

1.F.4. Except for the limited right of replacement or refund set forth in paragraph 1.F.3, this work is provided to you ‘AS-IS’, WITH NO OTHER WARRANTIES OF ANY KIND, EXPRESS OR IMPLIED, INCLUDING BUT NOT LIMITED TO WARRANTIES OF MERCHANTABILITY OR FITNESS FOR ANY PURPOSE.

1.F.5. Some states do not allow disclaimers of certain implied warranties or the exclusion or limitation of certain types of damages. If any disclaimer or limitation set forth in this agreement violates the law of the state applicable to this agreement, the agreement shall be interpreted to make the maximum disclaimer or limitation permitted by the applicable state law. The invalidity or unenforceability of any provision of this agreement shall not void the remaining provisions.

1.F.6. INDEMNITY - You agree to indemnify and hold the Foundation, the trademark owner, any agent or employee of the Foundation, anyone providing copies of Project Gutenberg™ electronic works in accordance with this agreement, and any volunteers associated with the production, promotion and distribution of Project Gutenberg™ electronic works, harmless from all liability, costs and expenses, including legal fees, that arise directly or indirectly from any of the following which you do or cause to occur: (a) distribution of this or any Project Gutenberg™ work, (b) alteration, modification, or additions or deletions to any Project Gutenberg™ work, and (c) any Defect you cause.

## **Section 2. Information about the Mission of Project Gutenberg™**

Project Gutenberg™ is synonymous with the free distribution of electronic works in formats readable by the widest variety of computers including obsolete, old, middle-aged and new computers. It exists because of the efforts of hundreds of volunteers and donations from people in all walks of life.

Volunteers and financial support to provide volunteers with the assistance they need are critical to reaching Project Gutenberg™’s goals and ensuring that the Project Gutenberg™

collection will remain freely available for generations to come. In 2001, the Project Gutenberg Literary Archive Foundation was created to provide a secure and permanent future for Project Gutenberg™ and future generations. To learn more about the Project Gutenberg Literary Archive Foundation and how your efforts and donations can help, see Sections 3 and 4 and the Foundation information page at [www.gutenberg.org](http://www.gutenberg.org).

### **Section 3. Information about the Project Gutenberg Literary Archive Foundation**

The Project Gutenberg Literary Archive Foundation is a non-profit 501(c)(3) educational corporation organized under the laws of the state of Mississippi and granted tax exempt status by the Internal Revenue Service. The Foundation's EIN or federal tax identification number is 64-6221541. Contributions to the Project Gutenberg Literary Archive Foundation are tax deductible to the full extent permitted by U.S. federal laws and your state's laws.

The Foundation's business office is located at 809 North 1500 West, Salt Lake City, UT 84116, (801) 596-1887. Email contact links and up to date contact information can be found at the Foundation's website and official page at [www.gutenberg.org/contact](http://www.gutenberg.org/contact)

### **Section 4. Information about Donations to the Project Gutenberg Literary Archive Foundation**

Project Gutenberg™ depends upon and cannot survive without widespread public support and donations to carry out its mission of increasing the number of public domain and licensed works that can be freely distributed in machine-readable form accessible by the widest array of equipment including outdated equipment. Many small donations (\$1 to \$5,000) are particularly important to maintaining tax exempt status with the IRS.

The Foundation is committed to complying with the laws regulating charities and charitable donations in all 50 states of the United States. Compliance requirements are not uniform and it takes a considerable effort, much paperwork and many fees to meet and keep up with these requirements. We do not solicit donations in locations where we have not received written confirmation of compliance. To SEND DONATIONS or determine the status of compliance for any particular state visit [www.gutenberg.org/donate](http://www.gutenberg.org/donate).

While we cannot and do not solicit contributions from states where we have not met the solicitation requirements, we know of no prohibition against accepting unsolicited donations from donors in such states who approach us with offers to donate.

International donations are gratefully accepted, but we cannot make any statements concerning tax treatment of donations received from outside the United States. U.S. laws alone swamp our small staff.

Please check the Project Gutenberg web pages for current donation methods and addresses. Donations are accepted in a number of other ways including checks, online payments and credit card donations. To donate, please visit: [www.gutenberg.org/donate](http://www.gutenberg.org/donate)

### **Section 5. General Information About Project Gutenberg™ electronic works**

Professor Michael S. Hart was the originator of the Project Gutenberg™ concept of a library of electronic works that could be freely shared with anyone. For forty years, he produced and distributed Project Gutenberg™ eBooks with only a loose network of volunteer support.

Project Gutenberg™ eBooks are often created from several printed editions, all of which are confirmed as not protected by copyright in the U.S. unless a copyright notice is included. Thus, we do not necessarily keep eBooks in compliance with any particular paper edition.

Most people start at our website which has the main PG search facility: [www.gutenberg.org](http://www.gutenberg.org).

This website includes information about Project Gutenberg™, including how to make donations to the Project Gutenberg Literary Archive Foundation, how to help produce our new eBooks, and how to subscribe to our email newsletter to hear about new eBooks.